

FONDASIE

Lukas 6:46-49

En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

Elkeen wat na My toe kom en na My woorde luister en dit doen - Ek sal julle wys soos wie hy is.

Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was.

Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot.

Voorwoord

Die rede hoekom jy hierdie boek ontvang het is omdat jy nou jou hart vir Jesus Christus gegee het. Dit is nou van kardinale belang dat jy moet groei in die Here.

Kolosense 1 : 9-10 *Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk **vrug mag dra en in die kennis van God mag groei...***

2 Petrus 3 : 18 *Maar julle moet **toeneem in die genade en kennis** van onse Here en Saligmaker...*

Met ander woorde, jy kan nie nou net terug sit nadat jy jou hart vir die Here Jesus Christus gegee het nie. Nee, nou moet jy begin groei in die Here om standvastig te wees in die geloof, onbeweeglik, want die vyand (satan) sal alles wil probeer om jou weer terug te vat op jou ou weë. Daarom is dit so belangrik dat jy hierdie boek lees en die Skrifte naslaan wat gegee word en sodoende sal jy groei en toeneem in die kennis van God, jy sal groei in die Here.

Die belangrikste dae nadat jy jou hart en lewe vir Jesus Christus gegee het is die eerste 40 dae. In hierdie eerste 40 dae na jou bekering moet jou fondasie in die Here gebou word sodat jy solied kan wees in die geloof. 40 In die Bybel staan vir beproewinge en toetse. Moses was vir 40 jaar in die woestyn, Jesus Christus was vir 40 dae in die woestyn waar Hy beproef was, Noag was vir 40 dae binne die ark gewees. Gebruik die eerste 40 dae na jou bekering om jou fondasie solied te kry. Alvorens bouers 'n groot gebou wil bou, grou hulle eers die fondasie en maak seker die fondasie is hard en solied. Daarna begin hulle om die gebou te bou. Hierdie eerste 40 dae na jou bekering moet jy aan jou fondasie werk, want as jou fondasie hard en solied is kan jy maar daarop bou, dan sal jou huis soos Jesus Christus gesê het in Lukas 6 : 46 - 49 bly staan wanneer die winde en storms van hierdie lewe teen jou losbreek.

Dit is so belangrik dat jy 'n verhouding met die Here sal bou. Die beginsel om 'n verhouding met die Here te hê en geestelik te groei is eenvoudig:

- * Laat jou **GELOOF** altyd in dit wees wat Jesus Christus vir jou op die houtkruis van Golgota gedoen het, ons sal dit intensief bespreek in hierdie boek.
- * Lees **GOD SE WOORD** en bestudeer dit. Sodoende sal jy groei in die kennis van die Here.
- * **BID**, die manier waarop enige verhouding in hierdie lewe gebaseer is tussen werkgewer en werknemer, tussen ouer en kind, tussen man en vrou, ens. is kommunikasie. Bid is om te kommunikeer met die Here.
- * Wees 'n **GETUIENIS**. Vertel vir ander mense waar die Here jou ontmoet het en hoe Hy jou gered het. Vertel mense van Jesus Christus se reddende genade. Sodoende word jy 'n getuie van Jesus Christus se reddende genade en kan jy weer ander mense na die Here toe lei.

EK BEVEEL AAN DAT NET EEN HOOFSTUK PER DAG GELEES EN BESTUDEER WORD. LEES DIE HOOFSTUK DEUR EN BESTUDEER DIE SKRIFTE WAT AANGEHAAL WORD ASOOK DIE SKRIFVERWYSINGS IN JOU BYBEL. EK GEBRUIK DIE AFRIKAANSE 33/53 VERTALING BYBEL EN BEVEEL OOK AAN DAT JY DIT GEBRUIK AANGESIEN DIT DIE ENIGSTE KORREKTE AFRIKAANSE VERTALING VANUIT DIE OORSPRONKLIKE TEKSTE IS.

DAG 1

BELY & BEKERING

Romeine 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus Christus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

Jy was op jou lewenspad, vêr en vervreemd van God, 'n sondaar en verlore reguit oppad hel toe. Jy het die Evangelie boodskap gehoor. Die Gees van God het jou oortuig van sonde, daardie oortuiging van die Heilige Gees het jou getrek na Jesus Christus en sodoende het jy jou hart en lewe vir die Here gegee.

Jy was gehoorsaam aan die stem van die Heilige Gees, jy het geglo en Jesus Christus bely as die Here van jou lewe, dit is toe jy tot redding gekom het. Die manier hoe mens tot redding kom is om te glo met jou hele hart wat Jesus Christus vir jou op die kruis gedoen het en om te bely dat jy glo dat Jesus Christus dit vir jou gedoen het.

Die woord: "bekering" beteken "om weg te draai van". Om weg te draai van die ou manier van dinge doen, om weg te draai van die ou manier van dink, wegdraai van jou ou lewensstyl en om Jesus Christus te volg met jou hele hart.

Joh 16 : 8-11; Hand 3 : 19; 1 Joh 1 : 9; Kol 1:21; 2 Kor 7 : 10; Rom 10 : 9-10; Rom 10 : 13; Hand 2 : 37-38;
Efes 2 : 11-15 Efes 2:1

DAG 2

VAN DIE SONDE NATUUR NA DIE GODDELIKE NATUUR

*2 Petrus 1:4 Waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word **van die goddelike natuur**, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.*

Voordat jy jou hart en lewe vir Jesus Christus gegee het, het die sonde natuur in jou geheers. Die sonde natuur het gemaak dat jy aanhou wandel in sonde. Maar nou dat jy jou hart vir Jesus Christus gegee het, het die Goddelike natuur of God se natuur binne in jou gekom.

Die sonde natuur is nou dormant. Nou wil jy begin lewe vir die Here, jou begeertes in jou hart het begin verander, jy wil nou die Here dien en Hom volg. Dit is die Goddelike natuur wat jou lei om geregtigheid te doen.

Die oomblik toe jy die Here Jesus Christus bely het as die Here van jou lewe, het jy 'n nuwe skepsel geword. Die mens wat jy was is dood, die ou jy bestaan nie meer nie. Jesus Christus se kosbare Bloed het al jou sondes weg gewas.

As jy jou geloof **altyd** elke dag in Jesus Christus hou en in dit wat Hy vir jou op die kruis gedoen het, is jy op die pad van totale oorwinning en die sonde natuur sal dormant bly.

Rom 6 : 1-2; Rom 6 : 11-12; Rom 6 : 14; 2 Kor 5 : 17; Kol 1 : 21; Efes 2 : 1

DAG 3

GERED DEUR GENADE EN NIE DEUR WERKE NIE

Sommige mense dink deurdat hulle goeie mense is en niemand kwaad aandoen nie, daarom sal hulle eendag hemel toe gaan. Mense wat 'n diens verrig vir die Here, bv. 'n sondag skool onderwyser of ouderling of diaken of koster of enige ander ampsdraers dink omdat hulle al hierdie mooi dinge vir die Here doen sal hulle eendag in die hemel kom. Hulle dink die Here sien al hulle mooi werke raak en daarom is hulle dan outomaties gered. Baie mense het grootgeword in huise waar die ouers baie godsdienstig was en altyd kerk toe gegaan het, daarom sal hulle dan sê: "Ek het grootgeword as 'n Christen, ek het grootgeword in die kerk banke en dien die Here nou al my hele lewe lank" en daarom is ek 'n kind van die Here en is ek oppad hemel toe.

Alhoewel al hierdie dinge mooi is kan geen mens daardeur gered word nie. Nie een van hierdie of enige ander kerklike pligte of godsdienstige dade of onderhouding van wette kan 'n mens red nie, maak nie saak hoe mooi en reg dit mag wees nie, dit kan 'n mens nie in die hemel bring nie. Niemand word deur enige godsdienstige werke gered en geregverdig nie. Niemand is van 'n baba af gered nie, daar **moet** 'n dag in jou lewe aanbreek waar jy Jesus Christus aanroep as die Here van jou lewe.

Daar is slegs een manier om gered te word en dit is om die prys wat die Here Jesus Christus op die Berg Golgota gebring het (deur Sy Bloed te stort vir jou) te aanvaar. Redding is 'n geskenk van God wat ons net moet aanvaar. Niemand kan dit ooit verdien nie, anders het Jesus Christus verniet gesterf. Om tot redding te kom, moet ek glo in wat Jesus Christus op daardie houtkruis vir my gedoen het, dat Hy Sy lewe vir my gegee het. Natuurlik is werke belangrik, maar dit het hulle eie plek. Wanneer dit by redding kom kan werke jou hoegenaamd nie red nie.

Joh 3 : 16; Joh 6 : 40; Joh 6 : 47; Joh 14 : 6; Hand 16 : 30-31; Rom 3 : 23-24; Rom 6 : 23; Gal 2 : 16;

Gal 2 : 21; Gal 5 : 4; Efes 2 : 8-9; 1 Joh 5 : 12-13; Joh 1 : 12; Joh 3 : 15-16; Joh 3 : 36; Joh 5 : 24; Joh 6 : 29

DAG 4

DOOP MET WATER

Die ou mens het gesterf en moet begrawe word. Wanneer 'n persoon sterf gooi ons nie net 'n bietjie grond op sy voorkop en sê: "Jy is nou begrawe nie!" Nee, ons grou 'n gat in die grond waarin ons die lyk begrawe.

Die doop is 'n uiterlike beeld van wat innerlik gebeur het toe jy tot inkeer gekom het. Daarom het God dit so gekies dat **nadat** ons onself bekeer het, moet ons gedoop word. Die doop kan niemand in die hemel bring nie, slegs die Bloed van die Here Jesus Christus red en reinig ons van sonde, maar die doop bring 'n persoon se bekering tot 'n "klimaks". Nog voordat 'n man en 'n vrou trou is hulle reeds lief vir mekaar en omdat hulle lief is vir mekaar trou hulle. Die man sê nie op die dag van die troue vir sy vrou: "Noudat ons getroud is, nou het ek jou lief nie." Nee! Hy was lief vir haar lank voor die troue, maar die troue bring hulle liefde en verhouding tot 'n klimaks. En net so bring die doop jou bekering tot 'n klimaks omrede jy dit in die openbaar uitbeeld wat innerlik met jou gebeur het.

Almal wat nog ooit in en volgens die Bybel gedoop is, het geheel en al **onder** die water ingegaan. Hoekom? Die doop staan vir: Ek het saam met Jesus Christus gesterf, daarom moet die ou mens saam met Christus begrawe word deur die doop en wanneer ek uit die water uit opkom staan dit vir: Ek het saam met Christus opgestaan. Weereens, as iemand sterf maak ons sy liggaam geheel en al toe onder die grond, nie net sy voorkop nie en daarom moet jy geheel en al onder die water ingaan.

Net soos die Skelfsee Moses en die Israeliete geskei het van Farao en sy weermag, net so is die doop 'n uiterlike bewys van wat die Bloed van Jesus Christus binne jou gedoen het, jou vrygemaak het van die ou mens. Wanneer jy tot bekering gekom het moet jy daarna die Here gehoorsaam en gedoop word.

Ons moet die Here gehoorsaam in hierdie saak, ongeag wat mense sê of dink. Wees meer gehoorsaam aan die Here!

Matt 3 : 13-16; Matt 28 : 19; Mark 16 : 16; Hand 2 : 37-38; Hand 8 : 35-38; Hand 16 : 30-33; Rom 6 : 3-7

DAG 5

DIE VRUG VAN BEKERING DEEL 1

Noudat jy aan Jesus Christus behoort moet jy die vrug dra wat getuig van jou bekering. Jou lewenswandel en handel moet getuig van Jesus Christus se reddende genade.

Ons lees in Handeling 19 van mense wat omgegaan het met towery en heksery. Paulus het gekom en aan hulle die Evangelie van Jesus Christus gebring, hulle het dit met blydschap aanvaar en hulle lewens oorgegee aan die Here Jesus Christus. Dit is nie waar dit vir hulle gestop het nie. Hulle het gekom en al hulle towery boeke en dinge wat hulle tydens hulle toor rituele gebruik het gebring en dit met vuur verbrand. Toe hulle die koste van al hulle boeke, ens. bereken het, was dit 50 000 silwerstukke gewees, in rande sou dit in hierdie tyd vêr oor die miljoen rand gewees het. Wanneer iemand werklik tot inkeer kom moet hy geheel en al afstand doen van alles wat boos en sondig is en allerhande goed wat hom kan terughou in sy wandel met die Here, ongeag wat die koste daaraan verbonde is.

Koning Josia was een van die konings wat in Jerusalem regeer het. Hy het God se wetboek wat verlore was gevind, dit geles en homself bekeer met sy hele hart. Daarna het hy nie net terug gesit nie, maar hy het begin om al die afgode en afgodsoffers te vernietig, hy het die vrug van bekering gedra en dit het die Here behaag :

2 Konings 23 : 25 En voor hom was daar geen koning soos hy nie wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en met sy hele siel en met al sy krag volgens die hele wet van Moses, en ná hom het nie een soos hy opgestaan nie.

Noudat jy tot inkeer gekom het moet jy van alles afstand doen wat boos is en wat God mishaag soos onder andere verkeerde films op dvd, verkeerde musiek, pornografie, sterreteken voorspellings, verkeerde grappies en vriendekringe wat jou geestelike ondergang kan beteken ens. Daar moet vrug wees by jou bekering!

Lees asb 2 Konings 22 & 23; Handeling 19 : 18-20; Mattheus 3 : 8

DAG 6

DIE VRUG VAN BEKERING DEEL 2

Wanneer jy aan 'n boom se takke lemoene sien weet jy dadelik dit is 'n lemoenboom. 'n Lemoenboom dra nie mangos nie en 'n piesangboom dra nie avokadopere nie. Net so moet kinders van God vrug in hulle lewens dra wat kan getuig dat hulle bekeerd is en aan Jesus Christus behoort. Dit is baie maklik om te bely en te sê: "Ek is bekeerd". Maar die Here wil dit sien.

Daarom sê Jakobus:

Jakobus 2 : 17-18 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

Met ander woorde, as jy sê jy het die geloof, "bekering", maar jy wandel nog steeds in duisternis en sonde, is jou belydenis vals en jou geloof dood. Jou lewensstyl en daede moet absoluut getuig van jou geloof in die Here Jesus Christus en jou bekering.

Daarom sê Johannes die Doper:

Mattheus 3:8 Dra dan vrugte wat by die bekering pas.

Die vrug wat ons dra, ons lewensstyl, moet kan getuig van ons bekering. Mense moet aan jou lewensstyl kan sien dat jy aan Jesus Christus behoort. Daarom sê Jesus Christus ons moet ons lig laat skyn **voor die mense**. (Matt 5 : 14-15).

Matt 3 : 8; Matt 7 : 18-20; Matt 5 : 14-16; Gal 5 : 19-22; Jak 2 : 17-18; 1 Joh 3 : 18 ; Jak 1 : 22

DAG 7

DOPING IN DIE HEILIGE GEES

Mattheus 3 : 11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. **Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.**

By wedergeboorte het jy die Heilige Gees ontvang, dit is Hy wie jou gewederbaar het. Maar daar is 'n tweede gedeelte van die bediening van God se Gees, die Woord noem dit die vervulling of die doping in die Heilige Gees.

Die doping van die Heilige Gees is vir enige iemand wat dit wil ontvang. Net soos wat jy gered is deur geloof, Jesus Christus ontvang het deur geloof, so ontvang jy ook die doping van die Heilige Gees deur geloof. Daar is geen kwalifikasies of kerklike agtergronde wat jy eers moet hê om gedoop te word in God se Gees nie. Jy moet net aan Jesus Christus behoort en glo en sodoende sal jy die doping in die Heilige Gees ontvang.

Die rede hoekom die Here Jesus Christus jou wil doop in Sy Gees is sodat jy 'n kragtige getuie vir Hom kan wees. Sonder die vervulling of doping van die Heilige Gees is jou getuie kragteloos. Wanneer jy gedoop word in die Heilige Gees sal jy 'n kragtige getuie wees vir die Here Jesus Christus met bewyse van tekens en wonders wat volg. Die Heilige Gees van God kan jou in die geestelike gawes begin gebruik soos Hy wil, en selfs jou gebedslewe sal op 'n nuwe dimensie wees.

In God se Woord is daar een teken gegee hoe jy kan weet as iemand gedoop is in die Heilige Gees, en dit is die spreking in tale. Wanneer God se Gees oor jou kom en jy word vervul of gedoop in God se Gees sal daar uit jou gees 'n taal, wat onbekend is aan jou, begin vloei. Dit is 'n ware taal wat nie jy of enige iemand anders verstaan nie, maar net God alleen. Jy kan enige tyd in hierdie taal begin bid. Jy het die beheer om te spreek in hierdie taal en om te stop. Bid baie in tale en sodoende bou jy jouself in die geloof. Al wat jy moet doen om die doping van die Heilige Gees te ontvang is om die Vader te vra om jou te vervul met Sy Gees. Ons sal later meer intensief kyk na spreking in tale.

Hand 1 : 5-8; Hand 2 : 1-4; Hand 8 : 14-18; Hand 10 : 44-46; Hand 19 : 1-6; Luk 11 : 13; 1 Kor 14 : 1-2;
1 Kor 14 : 14; 1 Kor 14 : 4; Jud 1 : 20; Efes 6 : 18

DAG 8

JOU NUWE IDENTITEIT

Jy wat 'n burger is van hierdie land het 'n identiteitsboekie. Daardie identiteitsboekie getuig van jou burgerskap, niemand kan ooit met jou stry en sê dat jy nie 'n burger van hierdie land is nie, jou identiteitsboekie getuig van jou burgerskap.

Net so het jy nou 'n hemelse burgerskap ontvang. Jy wat weergebore is het by wedergeboorte jou hemelse burgerskap ontvang. Die Bloed van Jesus Christus, jou bekering, getuig van jou hemelse burgerskap.

Jy is in hierdie wêreld maar nie deel van hierdie wêreld se sisteem en kultuur nie. Jy is 'n bywoner maar 'n vreemdeling van hierdie wêreld. Alhoewel jy nie meer deel van hierdie wêreld se sisteem en kultuur is nie, moet jy jou lig laat skyn in hierdie wêreld, dat jy weer hoop vir ander mense kan bring.

By bekering en wedergeboorte het jy gesterf vir die ou manier van dinge doen. Daarom moet jy dit nie vreemd vind wanneer jou ou vriende "snaaks" na jou begin kyk nie. Hulle wat nog nie bekeerd is nie, verstaan nie dat jy 'n nuwe kultuur en natuur ontvang het nie.

1 Pet 2 : 11-12; Joh 3 : 3; Joh 17 : 14-15; Joh 16 : 33; Rom 12 : 1-2; Jak 4 : 4; Matt 5 : 13-16;

2 Kor 6 : 14-17; Efes 2 : 4-6; 2 Kor 5 : 17; 1 Pet 4 : 3-4

DAG 9

WEET WIE JY IS IN CHRISTUS EN KEN JOU OUTORITEIT IN CHRISTUS

As ek 'n sterk "body builder" vat en ek sê vir hom om vir my 'n 30 ton trok te stop wat op volspoed ry, sal hy dit kan doen met al sy spiere en krag? Nee! Maar as ek 'n klein maer verkeersbeampte vra om dieselfde 30 ton trok op volspoed te stop, sal hy kan? Ja, hoekom? Die trok stop nie omdat daar 'n mens staan nie, maar omdat hy die verkeersbeampte se outoriteit sien. Daarom stop hy.

Die satan is soos 'n trok wat baie keer op jou wil afkom met al sy aanvalle, maar wanneer hy met sy aanslae kom sal jy moet weet wie jy is in Christus en jy sal jou regte moet ken en jou outoriteit in Christus moet opneem en hom teenstaan. Die outoriteit lê in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Duiwels is nie bang vir jou as persoon nie, hulle is nie bang vir jou grade, prestasies of amp nie, maar hulle vrees die Naam van Jesus Christus omdat alle mag in die hemel en op aarde in daardie wonderlike Naam is.

Baie keer sal die vyand jou outoriteit toets om te kyk of weet jy wie jy in Christus is en as jy nie kennis het oor wie jy in Christus is nie sal hy jou op daardie gebied aanval.

Met jou eie krag en met enige menslike krag sal jy hom nie kan stop nie. Jy sal jou outoriteit (mag) in Christus moet gebruik om hom te stop en teen te staan.

1 Pet 5 : 8; Joh 10 : 10; Luk 10 : 19; Mark 16 : 17-18; Matt 10 : 8; Jak 4 : 7; 1 Joh 5 : 18; Matt 28 : 18;
Hand 3 : 1-8

DAG 10

KEN JOU REGTE

Jy is gered deur genade, deur die Bloed van Jesus Christus. Jy is geregverdig deur die Bloed van Jesus Christus. Jou natuur het verander by wedergeboorte. Jy is nie meer 'n sondaar nie maar die Woord sê jy is die geregtigheid van God in Christus Jesus. Die Bloed van Jesus Christus kwalifiseer jou nou vir sekere voorregte en regte wat jy het as kind van God.

Baie kinders van God ken nie hulle regte volgens God se Woord nie. Hulle dink nog steeds die ou manier waarop hulle gedink het voor hulle bekering, dat hulle maar net 'n ou wurm is, 'n sondaar is wat maar net moet probeer aanhou. Sodoende beroof hulle eie onkunde hulle van wat God van hulle sê en vir hulle in stoor het.

Al voel dit soms vir jou dat jy maar net 'n ou swakkeling is moet jy nie ag gee op jou gevoelens nie, want daai gevoelens gaan jou roof van jou Goddelike voordele en regte. Hoor wat sê die Woord:

2 Korinthiërs 5 : 7 Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Met ander woorde, jy moet nie ag gee op hoe jy voel nie, maar gee ag op wat sê die Woord van God en reageer slegs en alleenlik volgens dit. As ek nie vergewe voel nie, moet ek weet dat ek vergewe is (1 Johannes 1 : 9) Al is my liggaam siek moet ek glo wat God se Woord sê, dat ek genees is deur Jesus se wonde (Jesaja 53 : 5) ens.

Ken jou goddelike regte. Breek die mag van onkunde wat jou in gebondenheid hou.

Hos 4 : 6(a); Fil 4 : 13; Efes 1 : 3; Efes 2 : 6; 2 Pet 1 : 3-4; 1 Pet 2 : 9; Luk 10 : 19; 2 Kor 5 : 17; 2 Kor 5 : 21; 1 Kor 6 : 11; Kol 2 : 13-15; Rom 8 : 31; Rom 8 : 37; 1 Joh 4 : 4

DAG 11

DIE VREES VAN GOD

Spreuke 8:13 Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is...

Vandag is daar 'n verdraaide beeld oor wie God is in ongelowiges asook baie gelowiges se lewens. Mense dink dat God hulle "tjommie" is. Alhoewel ons moet verstaan dat Jesus ons beste Vriend is, moet ons ook verstaan dat Hy GOD is. Mense regverdig baie keer hulle sondes deur te sê: "die Here is my tjommie, pel, maatjie, pappa, daddy, ens, daarom verstaan Hy my sonde."

Wanneer ons die Woord van God bestudeer sien ons dat wanneer mense 'n ontmoeting met God gehad het, hetsy dit deur 'n visioen was, 'n droom of letterlik was, het hulle soos Johannes plat op hulle aangesigte neergeval soos een wat dood is, omdat hulle God gerespekteer, geëer en gevrees het.

Vrees vir God beteken dat jy die Here eerbiedig is, jy respekteer Hom met jou hele wese. Jy weet wie jy is en jy weet wie God is. Dat HY die Almagtige Skepper is en dat jy die skepsel is. God is nie 'n mens soos ons nie.

Wanneer mense sal leer om die Here te vrees sal daar minder sonde in Christene se lewe wees en minder sonde in die kerke, omdat die vrees van die Here is om te haat wat sleg is. Jy haat nie mense nie maar jy haat die bose dade van die mense soos aborties, drank, rook, vloek, hoereer ens. ens. ens.

Wanneer 'n kind van God sy vrees vir God begin verloor, dadelik is daar sonde aanwesig in sy lewe (Ps 36 : 2). As jy sal leer om die Here te vrees, is jy op die pad van oorwinning en 'n diep verhouding met God.

Ps 2 : 11; Ps 25 : 14; Ps 33 : 18; Ps 34 : 8-10; Ps 60 : 6; Ps 85 : 10; Ps 86 : 11; Ps 103 : 11-13; Ps 103 : 17;

Ps 111 : 10; Ps 115 : 11; Ps 145 : 19; Spr 1 : 7; Spr 3 : 7; Spr 10 : 27; Spr 14 : 26-27; Spr 15 : 16; Spr 16 : 6;

Spr 22 : 4; Spr 23 : 17; Open 1 : 10-17

DAG 12

WAT BY DIE KRUIS GEBEUR HET

Wanneer ons praat en verwys na die kruis van die Here Jesus Christus, verwys ons nie na die houtbalke nie maar ons verwys na dit wat Jesus Christus daar gedoen het. Die storting van Sy Bloed en Sy Sterwe. Wanneer jy die kruis van die Here Jesus Christus verstaan en weet wat Hy daar vir jou gedoen het en jy begin om jou geloof in dit wat Jesus Christus vir jou gedoen het te hou en te beoefen, sal jy begin om 'n lewe van oorwinning te leef oor sonde, die vyand en die vlees.

Alhoewel ons na die opstanding kyk en in die lewe leef van die opstanding van Jesus Christus, was die kruis die belangrikste. Kyk wat sê die Woord:

Romeine 6:23 Want die loon van die sonde is die dood...

As Jesus nie vir elke liewe sonde gesterf het nie, sou Hy nooit opgestaan het uit die dode nie. As daar een enkele sonde was wat Jesus nie daardie dag op Homself geneem het nie en nie daarvoor gesterf het nie dan sou Jesus Christus tot vandag toe nog in die graf gelê het. Hoekom? Want die loon van enige sonde is die dood, en omdat Hy elke sonde op Hom geneem het en nie een enkele sonde uitgelaat het nie, daarom het Hy gesterf omdat die loon van sonde die dood is. En omdat Hy vir elke enkele sonde die prys betaal het deur Sy Bloed te stort en geheel en al te sterf, daarom kon Hy uit die dode weer opstaan.

Daarom is die kruis van die Here Jesus Christus die belangrikste. Want daar het Hy vir elke liewe sonde, ongeregtigheid, vloeke en siekte die prys betaal. Daarom noem ons dit die goeie nuus. Niemand op hierdie aarde wat al geleef het, nou leef en die wie nog gebore moet word se sonde is te rooi of te veel vir Hom om te vergewe nie. Nee!!! Hy het vir elke sonde gesterf sodat elkeen wie die prys wat Jesus betaal het sal aanvaar totaal vergewe sal wees van al hul sonde.

Deur die kruis is daar vir jou totale vergifnis van alle sonde en ongeregtigheid. Deurdat Hy Sy Bloed gestort het, is elke vloek gebreek, elke siekte was op Hom, al jou emosionele bagasie was op Hom sodat jy kan vry wees as jy net sal glo.

Jes 53 : 3-5; Ps 103 : 12; Joh 3 : 16; Rom 5 : 10; Rom 6 : 10; Gal 3 : 13; Kol 1 : 14; Efes 1 : 7

DAG 13

DIE BLOED VAN JESUS CHRISTUS

Om die krag van die Bloed van Jesus Christus te verstaan moet jy die ou testamentiese bloedoffers verstaan. Onder die Ou Verbond of Ou Testament het God aan Moses en die priesters bevel gegee dat wanneer daar mense sondig moes hulle 'n offer bring soos vee, beeste of ander kleinvee. Hierdie diere was dan na die tabernakel gebring waar die dier geslag was en aan God geoffer was. Sodoende was die persoon se sonde onder die bloed van die dier bedek gewees. Een keer 'n jaar het die hoë priester 'n lammetjie gevat wat sonder gebrek was, en hy moes hierdie lam geslag het en met die bloed van die lam in die Allerheiligste gedeelte van die tempel ingaan waar hy dan die bloed van hierdie onskuldige lam aan God geoffer het. Sodoende het die bloed van die lammetjie die priester en die res van die volk se sonde vir een jaar bedek, slegs bedek en nie weggevat nie. Hierdie moes elke jaar gedoen gewees het.

Hierdie was 'n skaduwee van wat in die toekoms moes gebeur het. Jesus was en is die vlekkelose Lam van God en net soos hierdie lam, wat onskuldig was, geslag moes word en al sy bloed geoffer moes word tot 'n bedekking van sonde, so het Jesus die Lam van God, wie onskuldig en vlekkeloos was van sonde, Homself geoffer en Sy Bloed gestort vir almal. Omdat Jesus die perfekte offer was, bedek Sy Bloed nie sonde nie, maar vat dit geheel en al weg. Omdat Jesus die perfekte offer was, offer Hy Homself nie elke jaar nie maar het net eenkeer Sy Bloed gestort en Homself geoffer en sodoende die sonde weggeneem. Sy Bloed verloor nooit ooit Sy krag nie. Daarom as jy Jesus aanvaar as die Here van jou lewe kan jy weet dat Sy Kosbare Bloed jou gewas het witter as sneeu en al jou verlede sondes is weg en vergete. Die Bloed van Jesus Christus het al jou sonde weggewas.

Die Israëliete moes in Egipte 'n lammetjie vat, hom slag en sy bloed aan hulle deurkossyne smeer. God het gesê dat wanneer Hy die bloed sien teen die deurkossyne sal Hy oor daardie huis trek en wanneer Hy by 'n huis kom en nie die bloed sien nie sal Hy Sy oordeel op daardie huis uitgiet. Dit is waar Paasfees of "Passover" vandaan kom. God het gesê: "When I see the blood, I will **PASS OVER** you".

Net so sal dit wees op die oordeelsdag wat nog moet kom. Wanneer God die Bloed van die Lam, Jesus Christus op die deurkossyne van ons harte sien, "He will pass over". Hy sal oor ons kyk en wanneer Hy hulle sien wie die Bloed nie aanvaar het nie, sal Sy ewige oordeel oor hulle kom. Daar is 'n lied wat sing oor die oordeelsdag: "the Blood of Jesus shields me from wrath and judgement" & "When I see the Blood I will pass over you." Op oordeelsdag gaan die Vader net kyk wie het JA gesê vir die Bloed van Sy Seun. Redding is SLEGS deur die Bloed van die Lam, Jesus Christus.

Eks 12 : 13; Matt 26 : 28; Rom 5 : 9; Efes 1 : 7; Efes 2 : 13; Kol 1 : 13-14; Kol 1 : 20; Heb 9; Heb 10 : 4;
1 Pet 1 : 18-19; 1 Joh 1 : 7; Open 1 : 5; Open 5 : 9

DAG 14

VREDE BY GOD

*Lukas 2:13-14 En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en **vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!***

Die engele het hierdie lied gesing by die geboorte van die Here Jesus. Vir duisende jare voordat Jesus Christus op die kruis vir ons kom sterf het, was daar geen vrede tussen God en die mens nie. As jy die Ou Testament lees sal jy sien dat daar nie juis veel genade was tussen God en Sy volk nie. God se volk se sonde was so hoog en baie dat dit die regverdige oordeel van God geroep het.

Al wat die toorn van die Here “trek” en roep is die sonde. Maar toe Jesus gebore word sing die engele hierdie lied omdat daar vir die eerste keer sedert die sondeval (Adam & Eva) nou vrede tussen God en die mens aangebreek het. Die Kosbare Bloed van Jesus bring vrede tussen God en die mens. Elkeen wat die Bloed van Jesus aanvaar, tussen daardie persoon en God is daar vrede, omdat die persoon die Bloed van Jesus wat elke sonde wegwas, aanvaar. Nou kan jy 'n verhouding met God hê en weet dat Hy nie kwaad is vir jou nie.

So baie kinders van God sukkel met vreugde, vrede en blydschap in hulle verhouding met God. Die rede daarvoor is omdat hulle nie ingelig is oor wat Jesus vir hulle op die houtkruis gedoen het nie. Hulle voel die Here is kwaad vir hulle, vir watter rede ook al. Hoor wat sê die Woord:

Romeine 14 : 17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.

As jy die Bloed van die Here Jesus Christus aanvaar het en jou geloof bly in Jesus Christus en wat Hy vir jou gedoen het op die houtkruis kan jy mos weet dat daar vrede is tussen jou en die Here. Die uitvloeiende van vrede is blydschap in God se Gees. Hierdie vrede en blydschap maak dat jy die Here **wil** dien, Sy Woord **wil** bestudeer, tyd saam met Hom in gebed **wil** spandeer. Hierdie vrede en blydschap maak dat jy Hom liefhet met jou hele wese en daarom wil en sal jy nie in sonde wandel nie.

Op oordeelsdag sal God se grimmigheid uitgegiet word oor hulle wie nie die Bloed aanvaar het nie. Vir hulle wie nie die Bloed van Jesus Christus aanvaar nie is God kwaad omdat Hy alles gedoen het om hulle te red, maar hulle reageer nie daarop nie. Maar as hulle volhard in hulle sonde en nooit die Bloed van Jesus aanvaar nie sal hulle die grimmigheid van God ervaar. Maar vir ons wie JA gesê het vir die Bloed is daar vrede tussen God en ons.

DAG 15

DIE VOORWERP VAN JOU GELOOF = HEILIGMAKING – DEEL 1

Jy het nou die heelyd gehoor ons praat van jy moet jou geloof in die kruis van die Here Jesus hou (dit wat Hy daar gedoen het). Die rede daarvoor, soos ons reeds in vorige hoofstukke gesê het, is dat die totale prys betaal is op die kruis. Daar het Jesus met elke sonde afgereken (Hebreërs 9), daar het Hy satan oorwin (Kolosense 2 : 13-15), daar het Jesus gedeel met jou verlossing, bevryding en genesing (Jesaja 53 : 1-5). Daar het die Here Jesus dit alles volbring (Johannes 19 : 30). Soos ek reeds gesê het, as Jesus Christus nie vir elke liewe individuele sonde gesterf het nie, sou Hy nie opgestaan het uit die dode nie. Daarom is die kruisdood die mees belangrikste. Jesus het die stryd vir ons gestry en die duur prys het Hy met sy Bloed betaal. Al wat ek en jy moet doen om gered te word, om in totale oorwinning te leef oor sonde, om heiligmaking te leef, om genees te word, ens. is om slegs net ons geloof in Hom te plaas en dit wat Hy vir ons op daardie ruwe houtkruis gedoen het.

Stop vir 'n oomblik en beantwoord hierdie vraag vir jouself voordat jy verder lees.

As iemand na jou kom en vir jou vra of as ek jou die vraag vra: “Hoe kan ek heilig lewe? Hoe kan ek oorwinning oor sonde en die vlees in my lewe verkry en in oorwinning leef?” Wat sal jou antwoord wees? Beantwoord asseblief eers hierdie vraag vir jouself en lees dan verder.

Baie pragtige Christene sukkel om oorwinning oor sonde te kry, hulle het die idee dat al manier om oorwinning te kry oor sonde in hulle lewe is om daarteen te veg, m.a.w al manier om heiligmaking te leef is om allerhande godsdienstige dinge te doen en sodoende, dink hulle, sal hulle oorwinning kry oor sonde. Soos byvoorbeeld om meer Bybel te lees, om meer te bid, om te vas, nagmaal te gebruik, om die Here te loof en prys, openbare belydenis te doen, om hande op te lê en te bid vir mense, die gebruik van salf olie, baie spreek in tale, meer kerk toe te gaan, sak en as ens. Maar nie een van hierdie of enige ander wonderlike Goddelike daade kan jou vrymaak van sonde nie. Alhoewel dit baie belangrik is om dit alles te doen en dit alles hulle plek in God se Woord het, kan nie een van hierdie daade jou meer heilig maak nie, kan nie een van hierdie daade jou oorwinning gee oor sonde, die vlees en oor satan nie, hoe reg en rein en Goddelik hierdie daade ook al mag wees. Dink oor wat ons sê. Ongelukkig weet die minderheid van die kinders van God en predikers hierdie waarheid. Allerhande werke, soos bogenoemde, word gepromofeer.

Die probleem is dat mense wat hierdie dinge doen om oorwinning te kry oor sonde, om heiligmaking te probeer leef, verval in werke en is hulle in die vlees en kan God nie behaag nie (Romeine 8 : 8). Ons praat môre verder oor hierdie onderwerp. Loren Larson wat een van die lektore is by WEBC, (World Evangelism Bible College, Jimmy Swaggart Ministries) het 'n baie eenvoudige tabel opgestel wat al bitter baie mense gehelp het, asook vir my. Hierdie tabel wys wat gebeur wanneer jou geloof reg of verkeerd “beoefen” word. Jy mag nie hierdie uiterste belangrike tabel ooit vergeet nie.

Die formule wat kerke, meeste pastore en leraars gee oor hoe om heilig te leef, oorwinning oor sonde te kry, is as volg. Of wat meeste Christene doen uit onkunde vir oorwinning, heiligmaking ens.

Sien ook die nagevolge wanneer jy jou geloof verkeerd beoefen:

- * **FOKUS:** “Werke” – Romeine 4 : 2
- * **VOORWERP VAN GELOOF:** “Dade” (Hoe mooi dit ook al mag wees) – Galasiërs 2 : 21
- * **DIE KRAGBRON:** “Self” (Eie krag) – Galasiërs 5 : 2
- * **RESULTAAT:** “Verval dieper in sonde” – Galasiërs 5 : 4

As jy hierdie volgende formule sal volg, het die Heilige Gees spasie en reg om heiligmaking in jou lewe te werk. Die ware formule volgens God se Woord vir oorwinning is:

- * **FOKUS:** Jesus Christus – Johannes 14 : 6, Hebreërs 12 : 1-2
- * **VOORWERP VAN GELOOF:** Die kruis van Jesus Christus – Romeine 6 : 3-5, Galasiërs 6 : 14; 1 Korinthiërs 2 : 2
- * **DIE KRAGBRON:** Die Heilige Gees – Romeine 8: 1-2 en vers 11
- * **RESULTAAT:** Oorwinning – Galasiërs 6 : 14; Galasiërs 2 : 20

Slaan al die skrifte na in vandag se onderwerp. As jy kan, kry die studiegids: “The Sin Nature” van Jimmy Swaggart Ministries in S.A. Dit sal jou lewe verander.

DAG 16

VOORWERP VAN JOU GELOOF = HEILIGMAKING – DEEL 2

Die heiligmaking boodskap word deur meeste kinders van God misverstaan. Ek het vir baie, baie lank die antwoord gesoek rondom heiligmaking en oorwinning oor sonde. Ek het gewonder hoekom ek so vreeslik gesukkel het om oorwinning te kry oor hierdie een of 2 sondes in my lewe wat net nie wil weggaan nie. Dit het gevoel asof ek kan mal raak, want ek is baie lief vir die Here en wil Hom graag behaag in alles wat ek doen. Ek wil nie sondig nie, ek haat die sonde maar tog is daar by my hierdie sonde aanwesig wat ek so haat. Ek het baie geluister na pragtige predikers se raad oor oorwinning en heiligmaking. Maar hoe meer ek daardie beginsels toegepas het in my lewe, hoe dieper het ek geval in sonde. Hoe meer ek stry teen die sonde en dan gedink het dit was weg, hoe erger het dit geword.

Ek het gedink as ek meer bid, meer Bybel lees, vas teen hierdie sonde, meer nagmaal gebruik, meer en aanhoudend net lewe spreek oor hierdie sonde en aanhou verklaar wie ek is in Christus sal ek beter voel en begin om oorwinning te verkry, maar ek het al hierdie dinge gedoen en dit het niks beteken nie, intendeel dit het gevoel of dit erger geword het. Miskien bevind jy jouself vandag waar ek was. Ek dink jy weet waarvan ek praat. Jy verstaan net nie hoekom jy nie oorwinning kry oor daai ding in jou lewe nie, daardie sonde wat die heelyd ontstaan in jou lewe, nes jy dink jy het oorwinning oor daai sonde, hoe erger word dit. Ek weet jy weet waarvan ek praat. Die antwoord lê daarin, om die sonde natuur en die kruis te verstaan. Hoor wat sê die Woord:

Romeine 6 : 1-2 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Hierdie waarvan Paulus praat is die sonde natuur. Hy sê dat die sonde natuur is afgesterf of dormant. Maar hy sê: “Kan ons nog daarin lewe?” M.a.w dit is moontlik dat die sonde natuur in jou lewe kan herleef en jy weer in sonde kan wandel. Ek het reeds die voorbeeld gebruik, jy het jou hart en lewe vir Jesus gegee en jy is vry, maar na 'n tyd het daar weer een of twee sondes “hulle koppe” begin uitsteek in jou lewe en jy verstaan nie waar kom dit nou vandaan nie. Die antwoord is as volg: As jy jou geloof verkeerd beoefen, die voorwerp van jou geloof in allerhande pragtige godsdienstige daade plaas of enige iets anders, sal die sonde natuur weer begin herleef in jou lewe. Dit is wanneer jy oorwinning, heiligmaking, ens. wil leef deur daade en jou eie krag. Jy sal byvoorbeeld begin om jou geloof te plaas (bewustelik of onbewustelik) in dinge soos: salf olie, nagmaal, hand oplegging, openbare belydenis, ens. Nou begin jy daarin jou oorwinning en heiligmaking soek. Met ander woorde, die voorwerp van jou geloof is dan: die nagmaal of salf olie of Bybel lees of bid ens.

Ek het al menigmaal pastore en leiers hoor sê (en sodoende ook die meeste pastore se antwoorde vir heiligmaking): “By hierdie Nagmaal tafel sal mense vry kom van hulle verlede, hier word vloeke gebreek en mense kry hulle deurbrake.” Of: “Ek loop met die salf olie rond, daar is soveel krag wanneer ons mense salf, mense kom vry wanneer ons hulle salf, ens.” So kan ek voorbeelde gaan uithaal wat jou tot môre sal besig hou. Met ander woorde die voorwerp van hulle geloof is in daade. Die voorwerp van meeste kinders van God se geloof is in al hierdie wonderlike dinge omdat as hulle gaan raad vra oor hoe om heilig te leef, oorwinning oor sonde te kry, ens. word daar antwoorde gegee soos byvoorbeeld: Jy moet harder probeer, jy moet meer bid, jy moet meer Bybel lees, meer in tale bid, meer kerk toe gaan en meer nagmaal gebruik. Die resultaat op hierdie en baie ander sulke daade sal die persoon dalk 'n klein bietjie tydelike resultate beleef, maar daarna is hy/sy net weer terug waar hy was, sonde heers in en oor hom en hy verstaan nie hoekom nie, hy het dan alles **gedoen** om oorwinning te kry.

Hoekom? Want die voorwerp van hulle geloof is in pragtige Goddelike daade, en nie in die kruis van Jesus Christus nie. Want deur die kruis van die Here Jesus is elke sonde oorwin, elke vloek is gebreek en die vyand is oorwin. As jy 'n heilige lewe wil leef en 'n oorwinnende lewe wil leef, moet jy konstant jou geloof beoefen slegs in die kruis van die Here Jesus. As jy stry teen sonde, is jy besig met 'n verkeerde stryd. Want Jesus het klaar die sondestryd oorwin. Die probleem lê nie by jou stryd nie, maar by jou ongeloof. Ongeloof in dit wat Jesus op die kruis vir jou gedoen het. Daar is so vreeslik baie te sê oor hierdie onderwerp. Ek raai u aan om my te kontak om my te nooi na u dorp waar ek drie aande lank Bybelklas sal kom gee oor hierdie onderwerp van die kruis.

DAG 17

HEILIGMAKING

1 Petrus 1 : 15-16

Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

Ons het nou bietjie gekyk na heiligmaking in die vorige hoofstukke. En ek glo dat baie van jou vrae oor heiligmaking en hoe om 'n lewe te leef van oorwinning beantwoord is. Onthou weereens: ons moet nie stry om oorwinning eendag te behaal oor sonde nie, nee, Hy het jou gemaak meer as oorwinnaar (Romeine 8 : 37). Jy, as kind van God, kan nie die geveg teen sonde wen nie, jy kan nie. Jesus Christus het reeds geheel en al die sonde oorwin. Al wat ek en jy moet doen om 'n lewe van oorwinning te leef is om net geheel en al ons geloof te hou in die kruis, dit wat Hy vir ons daar gedoen het. En sodoende sal die uitvloeisel wees - Heiligmaking.

Die enigste manier om in ons hele lewenswandel heilig te kan word is wanneer die voorwerp van my geloof die kruis is en die kruis bly. Omdat ek myself nie kan red nie, kan ek ook nie myself heilig nie. Die Gees van God werk heiligmaking in my soos wat ek my geloof in die kruis beoefen.

As jou geloof in die kruis bly, sal jy sien hoedat die Gees van God vrug in jou lewe bewerk. Hoe wonderlik is dit om te weet dat die Woord ons leer:

Romeine 6:14 *Want die sonde sal oor julle **nie heers nie**...*

Wow, Hy belowe dit in Sy Woord. Hoor wat sê die Woord nog:

Galasiërs 5 : 16 *Maar ek sê: Wandel deur die Gees, **dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie***

Maar daar is 'n geheim. Jy moet jou geloof in die kruis beoefen. Die voorwerp van jou geloof mag niks, niks, niks anders wees as net die kruis nie. Want weereens, op die kruis het Jesus Christus met elke sonde afgereken en daarmee weggedoen. Hy het die stryd gestry. As jou geloof bly in wat Jesus Christus reeds gedoen het op die kruis, m.a.w. jy weet jy kan nie sonde oorwin nie, hoe ook al, Hy het klaar die sonde oorwin en jy gaan in Sy rus in en staak met al jou werke en jy konsentreer en hou jou geloof in wat Hy vir jou op die kruis gedoen het dan sal die sonde natuur oor jou nie heers nie en sal jy die begeerlikheid van die vlees nie volbring nie.

Onthou, om in die vlees te wandel beteken om in werke te wandel en die uitvloeisel daarvan om in die vlees te wandel, is sonde (Galasiërs 5:19). Die gevolg of uitvloeisel daarvan om in die Gees te wandel, is heiligmaking. Kyk weereens aandagtig na die tabel en ondersoek die Skrifte.

Meeste Christene se manier om te probeer oorwinning kry en heilig te leef.

- * **FOKUS:** "Werke" - Romeine 4 : 2
- * **VOORWERP VAN GELOOF:** "Dade" (Hoe mooi en skriftuurlik dit ook al mag wees) - Gal. 2 : 21
- * **DIE KRAGBRON:** "Self" (Eie krag) - Galasiërs 5 : 2
- * **RESULTAAT:** "Val dieper in sonde" - Galasiërs 5 : 4

As jy hierdie volgende formule sal volg, het die Heilige Gees spasio en reg om heiligmaking in jou lewe te bewerkstellig. Die ware formule volgens God se Woord vir oorwinning is:

- * **FOKUS:** Jesus Christus - Johannes 14 : 6; Hebreërs 12 : 1-2
- * **VOORWERP VAN GELOOF:** Die kruis van Jesus Christus - Romeine 6 : 3-5; Galasiërs 6 : 14; 1 Korinthiërs 2 : 2
- * **DIE KRAGBRON:** Die Heilige Gees - Romeine 8 : 1-2 en vers 11
- * **RESULTAAT:** Oorwinning - Galasiërs 6 : 14; Galasiërs 2 : 20

DAG 18

WANDEL DEUR EN NA DIE GEES

Romeine 8 : 1-2 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Terwyl jy so hard probeer het om alles te doen om teen die sonde te stry, terwyl jy jou heel beste gegee het deur om meer te bid, meer Bybel te lees, meer tussen gelowiges te wandel, meer te vas om sonde te oorwin in jou lewe, nadat jy dit alles gedoen het, en jy het weer gesondig, het jy so vreeslik sleg en vuil gevoel? Het jy so sleg gevoel dat jy gewens het dat jy van die aardbodem kan verdwyn? Het jy gevoel en gedink: "Waarvoor probeer ek nog, ek kry net nie oorwinning nie?" Jy het alles probeer om God te behaag, maar daar is sonde wat jy net nie oorwinning oor kry nie. Wel, ek het vir jou nuus. Jy het agter die vlees gewandel, want jy het deur jou eie krag en Godsdienstige daade probeer oorwinning kry en heiligmaking te leef, en toe jy misluk, het jy veroordeeld gevoel. Lees weer wat sê vers 1. Daar staan dat as jy agter die **vlees wandel, is daar vir jou veroordeling**. Sien jy dit? Verstaan jy nou hoekom het jy gevoel soos jy gevoel het?

Maar die teendeel is dat wanneer **jy na die Gees wandel, sal daar vir jou geen veroordeling** wees nie. Die vraag is dan, wat beteken dit om na die Gees te wandel? Dit is baie eenvoudig. Om na die Gees te wandel beteken om eenvoudig jou geloof in Jesus Christus te plaas en dit wat Hy vir jou op die kruis gedoen het, want deur dit te doen sê jy: "Ek kan of kon dit nie self doen nie, net Jesus Christus kan. Hy het reeds die sondestryd oorwin". En wanneer jy dit doen het die Gees van God reg om in jou lewe te werk, want die Heilige Gees kan nie in jou lewe oorwinning werk wanneer jou geloof in jouself en/of jou daade is nie, maar wanneer jy jou geloof in die kruis van Jesus Christus plaas het die Heilige Gees reg om in jou lewe te werk. Dit is deur die Gees van God wat daar oorwinning en heiligmaking kom, sien weer die tabel. Want die Gees van God werk slegs en alleenlik net in die perke en op grond van die voleindigde werk van die kruis, nie op grond van jou probeerslae en godsdienstige daade nie, hoe mooi en reg dit ookal mag wees, Hy werk nie op grond daarvan in jou lewe nie, maar alleenlik op grond van die voleindigde werk van Jesus Christus aan die kruis.

En wanneer jy jou geloof alleenlik beoefen in die kruis, dan en slegs dan wandel jy na die Gees. Want die Gees van God sal jou of enige iemand anders nooit ooit lei in allerhande godsdienstige daade vir oorwinning, heiligmaking of redding nie. Nooit. Hy lei jou slegs om jou geloof te beoefen in die kruis.

*Hebreërs 11 : 6 En sonder **geloof** is dit onmoontlik om God te behaag...*

Sien, dit is eenvoudige geloof in Jesus en wat Hy op die kruis gedoen het wat God behaag. Nie jou mooi werke nie, net geloof in Jesus Christus!

En wanneer jou geloof in die kruis bly, kan God se Gees in jou lewe heiligmaking werk, dan sal jy sien hoe jy oorwinning oor sonde verkry. Want dan maak die wet van die Gees, dit wat ons nou net bespreek het, jou vry van die wet van die sonde en die dood. Die wet van sonde is wanneer jy jou geloof verskuif en in jouself plaas, jou daade, dan is daar outomaties 'n wet wat werk en dit is dat jy sal aanhou sondig. Die sonde natuur sal aanhou leef en heers in jou lewe. En natuurlik die gevolg van sonde is die dood.

Kyk asseblief weer na die tabel en bestudeer dit weer.

Baie belangrik : Lees Rom 8 : 1-17; Gal 5 : 16-25; Gal 6 : 14

DAG 19

NEEM OP JOU KRUIS

Lukas 14 : 26 - 27 As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy My dissipel nie wees nie. En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan My dissipel nie wees nie.

Dit is nie net eenmalig nie, maar elke dag wat ons ons kruis moet opneem en die Here Jesus volg.

Waar Jesus in hierdie teksgedeelte praat van om jou familie en jou gesin te haat, bedoel Hy om geweldig te wees teenoor hulle en om in onvergewingsgesindheid teenoor hulle te wandel? Nee, 'n duisend maal nee! Wat Jesus hier sê is dat jou liefde vir Hom, (in vergelyking met jou liefde vir jou familie of gesin, moet lyk asof jy hulle haat. Met ander woorde, jy moet Hom liefhê bo alles en almal. Jesus moet die liefling van jou siel wees. Hy alleen moet jou eerste liefde wees. As jy enige iemand of iets meer liefhet as vir Jesus, is dit afgodsdienst omdat jy iemand of iets anders bo Jesus plaas.

Baie mense dink om jou kruis op te neem beteken om swaar te kry. Alhoewel jy as kind van God somtyds swaarkry in verskillende areas van jou lewe mag ervaar, is dit nie waarvan Jesus hier praat nie. Jesus praat hier van om Hom te volg moet jy jou geloof in Hom hou en dit wat Hy op die houtkruis vir jou gedoen het. Die voorwerp van jou geloof moet die kruis (dit wat Jesus daar gedoen het) wees. Geloof in enige iets anders is geloof wat God nie aanvaar nie. Hy aanvaar slegs en alleenlik geloof wat in die kruis is.

Om jou kruis op te neem beteken eenvoudig om jou self te verloën, om daagliks vir die eie ek te sterf. Dit beteken om jou eie maniere en dade te verloën en te herken dat daar slegs en alleenlik verlossing te vinde is in die Here Jesus Christus se voleindigde werk op die houtkruis. Die kruis beteken om te sterf vir self. Redding, oorwinning, genesing, bevryding, verlossing is slegs te vinde in die voleindigde werk van Jesus Christus op die kruis.

Efes 2 : 13-18; Gal 6 : 14; Matt 16 : 24-26

DAG 20

DIE NAGMAAL

Baie mense gebruik die nagmaal sonder om werklik te verstaan waaroor dit gaan. Die nagmaal dui na die Kruis van die Here Jesus, dit wat Hy vir ons daar gedoen het. Ons gebruik die nagmaal ter herinnering van die brutale prys wat die Here Jesus op die houtkruis vir my en jou betaal het. Die nagmaal is om my en jou te herinner dat die voorwerp van ons geloof die kruis van Jesus moet bly, daarom sê Jesus :

Johannes 6 : 53 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

Hier praat Jesus nie daarvan om letterlik Sy vlees te eet en Sy bloed te drink nie, ook nie dat wanneer ons die Nagmaal insigself gebruik, ons lewe sal hê nie. Jesus sê hier dat ons geloof moet in Hom bly, dit wat Hy vir ons gedoen het op die kruis. As ons geloof in enige iets anders is as die kruis van die Here Jesus, sal ons verseker geen lewe hê nie.

Die kruis van Jesus (dit wat Hy daar vir ons gedoen het) moet die voorwerp van ons geloof bly, dan sal ons die oorvloedige lewe geniet in elke fase van ons lewe. (Johannes 10 : 10)

Waarna verwys die nagmaal?

DIE BROOD – Matthëus 26 : 26. Die brood dui op die liggaam van Jesus wat vir ons gebreek is. Jesus se liggaam is vir ons gebreek sodat daar, deur Sy wonde, vir ons genesing gekom het (Jesaja 53 : 5).
Genesing is deel van die verlossingsplan van God. Die Here wil hê ons moet in ons liggame genees wees. Die Vader het dit toegelaat dat die Romeinse soldate Jesus Christus se liggaam kasty het, en deur daardie brutale wonde wat Jesus gelei het, het daar vir ons genesing gekom.

DIE BEKER (SAP) – Matthëus 26 : 27-28. Die beker wat Jesus gesê het ons moet neem, dui op Sy eie Bloed wat Hy vir ons gestort het. Deur die Bloed wat Jesus vir ons gestort het, het daar vir ons redding en vergifnis van sonde gekom. Daarom kan jy vandag weet, geen sonde is te rooi of te groot vir die Here om te vergewe nie. Hy het Sy lewe en elke liewe bloeddruppel van Sy liggaam gegee dat jy vergewe mag wees en vrede by God mag hê.

DIE ONWAARDIGE WYSE – 1 Korinthiërs 11:29. Paulus sê in hierdie versgedeelte dat as iemand die nagmaal onwaardiglik gebruik sal so 'n persoon 'n oordeel oor hom-/haarself bring. Daarom is daar baie siekes en swakkes en baie het al gesterf, sê Paulus, omdat hulle die nagmaal onwaardiglik gebruik het.

Die nagmaal word onwaardiglik gebruik wanneer 'n persoon bv. sal sê: "Hierdie siekte wat ek het is van die Here af" of, "ek glo nie die Here kan of wil my genees nie, die Here wil hê ek moet hierdie siekte dra". Wanneer so 'n persoon wat sulke dinge glo of sê die nagmaal gebruik bring hy dadelik 'n oordeel oor homself omdat hy nie verstaan dat die brood wat hy nou net geëet het juis dui op die liggaam van Jesus wat gebreek is dat hy genees mag wees nie. Jesus het hierdie persoon se siekte en krankhede op Homself geneem sodat die persoon nie siek hoef te wees nie. Of iemand sal dalk sê: "My sonde is te veel en te groot en ek weet nie of die Here my sal kan vergewe nie". As so 'n persoon dan die nagmaal gebruik bring hy dadelik 'n oordeel oor homself. Hoekom? Want die beker wat hy drink dui juis op die Bloed van Jesus wat gestort is vir die afwas van ons sonde. Of wanneer 'n persoon wat nie weergebore is nie, die nagmaal gebruik, bring hy 'n oordeel oor homself omrede hy geen deel het aan Jesus nie.

So, as jy die nagmaal gebruik maar nie glo wat Jesus vir jou gedoen het nie, gebruik jy die nagmaal op 'n onwaardige wyse en sodoende bring jy 'n oordeel oor jouself. Die nagmaal dui op dit wat Jesus vir jou gedoen het op daardie ou ruwe houtkruis. Daar op die kruis het Hy vir jou redding, verlossing, genesing, bevryding, oorwinning en lewe in oorvloed behaal. Al wat Hy van jou verwag is om net te glo. Hy het die prys vir jou betaal. Glo net!

DAG 21

GOD SE WIL VIR JOU GENESING

*Jesaja 53 : 5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, **en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.***

Deel van die verlossingsplan van God is genesing. Die Here het gekom om die lewe vir jou in oorvloed te gee (Johannes 10 : 10). Siekte, kranksinnigheid is **nie** die lewe en oorvloed nie. Ongelukkig het die vyand dit reggekry om vir baie kinders van God te lieg oor hierdie onderwerp. Baie kinders van God glo dat dit die Here se plan is dat hulle siek moet wees, en sodoende bly hulle in gebondenheid van siekte. Siekte is die werk van satan.

Lukas 13 : 11-16 En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie. En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos... Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?

Dink daaraan! 18 jaar is 'n baie, baie lang tyd!

Dit klink of hierdie vrou artritis gehad het. En in vers 16 sien ons dat hierdie siekte die satan was wat haar gebind het, en Jesus het haar genees. Die artritis was deur satan gewees. Siekte is die werke van die vyand.

*Handelinge 10 : 38 Met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen **en almal genees wat onder die mag van die duiwel was**, omdat God met Hom was.*

Hierdie skrif bevestig weereens dat siekte die mag van die duiwel is. Die Here wil hê jy moet gesond wees. Verlos van jou siekte toestand. 'n Groot gedeelte van Jesus se bediening op aarde het gegaan om die siekes te genees en te verlos. Hoor wat sê Jesus:

*Matthëus 12 : 25 – 26 Elke **koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.***

Baie mense dink dat God siekte veroorsaak en mense straf met siekte. As Jesus gekom het om die wil van die Vader te volbring (Johannes 4 : 34; Johannes 5 : 19) en terselfdertyd mense genees, is Sy koninkryk dan nie teen homself verdeel nie? As dit die geval was, dan was God se koninkryk teen Homself verdeel, maar prys die Here, Sy koninkryk is nie verdeel nie. Hy leer ons ook dat Sy wil vir ons is vir volmaakte genesing:

*Matthëus 6 : 9 – 10 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; **laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.***

Kan jy vir 'n oomblik dink dat daar pille en hospitale en siekte en kranksinnigheid in die hemel is? Nee, 'n duisend maal nee! Hy sê vir ons in hierdie gebed dat dit die Vader se wil is vir volmaakte genesing. Die man met melaatsheid het Jesus gevra: "As dit U wil is, kan U my genees?" Jesus antwoord hom en sê: "EK WIL" (Matthëus 8 :1-3).

Vertrou die Here vandag onwrikbaar, glo dit wat Hy vir jou gedoen het op die kruis. Plaas jou geloof alleenlik in dit wat Hy vir jou gedoen het. En begin die Here net daar waar jy nou is dank vir jou genesing. En weet dat jy **IS** genees deur Jesus se wonde!!

Lees en bestudeer al die bogenoemde skrifte en Skrifverwysings in jou Bybel.

DAG 22

ELKE VLOEK IS GEBREEK

Vandag is daar 'n baie populêre lering wat baie kinders van die Here volg en aanhang, dit is die leerstelling van die sogenaamde "bloedlyn vloeke". Baie kinders van God sukkel dalk met iets in hulle lewe en kry nie oorwinning oor daardie sonde of sondes nie en sodoende as hulle met beraders oor dit gesels sal hulle baie keer die antwoord kry dat daar 'n "bloedlyn vloek" in hul lewe is wat van hul voorgeslagte af kom waarmee hulle nou sukkel. Die berader sal dan deur gebed die "bloedlyn vloek" breek en sodoende is daar dan vryheid vir die een wat gekom het vir gebed, of altans dit is die gedagte wat deurgegee word.

Die bloedlyn vloek leerstelling kry sy fondasie nêrens anders as in Deuteronòmium 28 nie. Daar lees ons van al die vloeke wat die Here oor Sy volk sou bring as hulle ongehoorsaam sou wees aan Hom. Onder andere sien ons dat siekte een van die vloeke is (Deut 28 : 22 & 27-28).

Baie kinders van die Here sukkel met 'n sekere sonde of swakheid en weet nie wat dit is nie, weet nie waarvandaan dit kom nie en die enigste antwoord wat hy/sy kry is dat dit moet 'n bloedlyn vloek wees. Die waarheid is dat baie min kinders van die Here verstaan die sonde natuur wat weer sal begin herleef word as die voorwerp van sy geloof in homself (dade ens.) is. Wanneer die kind van God die voorwerp van sy geloof enige iets anders maak behalwe die kruis van die Here Jesus Christus, sal hy weer sonde in sy lewe beleef, hy sal 'n struikel met vlees, sonde en die wêreld hê.

Hoor wat sê God se Woord: *Galasiërs 3 : 13 -14 - Christus het ons losgekoop (geheel en al) van die vloek van die wet (Deut 28 en al die populêre leeringe rondom die bloedlyn vloek leerstelling) deur vir ons 'n vloek te word want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang sodat die seën van Abraham (God se volle seën wat Hy beloof het) na die heidene (dit is ek en jy) kan kom in Christus Jesus (deur die kruis), en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.*

As jy weergebore is, sê God se Woord dat deel van die verlossings plan van God (dit wat Jesus vir jou op die kruis gedoen het) sluit ook in verlossing. Christus Jesus onse Here het elke vloek deur Sy kosbare Bloed geheel en al gebreek. Ja, vir die een wie nog nie Jesus aangeneem het nie is daar dinge wat oor hulle lewens rus en heers maar sodra 'n persoon na Jesus kom en JA sê vir Sy kosbare Bloed, sê die Woord:

2 Korinthiërs 5 : 17 **Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.**

Jou verlede, wat ookal jy saam met jou gesleep het deur die jare, jou sonde, siekte, vloeke, ens. is geheel en al gebreek die dag toe jy Jesus aangeneem het as die Here van jou lewe. Jy is soos 'n pasgebore baba. Nuut! Die ou dinge is verby, alles het nuut geword, jy is nuut! Hallelujah!

Efes 1 : 3; 2 Pet 1 : 3; Jes 53 : 1-5; Joh 8 : 32; Joh 8 : 36

DAG 23

TEMPTASIE (VERSOEKINGE)

Jakobus 1 : 13 –15 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.

Die Here sal nooit 'n versoeking tot sonde oor jou pad stuur nie, Hy is lief vir jou en Hy weet dat sonde bring 'n skeidingsmuur (Jes 59 : 2; Rom 6 : 23) tussen Hom en jou. Die Here beproef ons wel en ons gaan môre daarvoor gesels. Maar kyk mooi wat sê die Woord van God, elkeen word versoek as hy deur sy eie **begeerlikheid** weggesleep en verlok word, met ander woorde elkeen word versoek deur sy eie swakhede.

Die Woord van God sê dat die vyand loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (1 Petrus 5 : 8). Maar die vyand weet dat jy God se eiendom is en hy kan nie net aan jou wil vat nie (1 Johannes 5 : 18). Daarom loop hy rond en kyk waar hy 'n sagte plek of ingang kan kry in jou mondering. Wanneer hy byvoorbeeld sien jy het 'n swakheid met drank, sal hy alles probeer om drank oor jou pad te bring sodat jy daarvoor sal val en hy 'n greep op jou kan kry.

Satan wil jou swakhede teen jou gebruik. Die vyand weet hy kan jou nie forseer om iets te doen nie, God het jou geskape met jou eie vrye wil, niemand kan jou forseer om iets te doen nie, selfs God forseer jou in niks of om enige iets te doen nie. Hy het jou nie tot redding forseer nie! So, wanneer dit gebeur dat bv. drank oor jou pad kom, op daardie oomblik word jy, soos Jakobus sê: weggesleep en verlok, jy word versoek. Nou het jy 'n keuse, jy kan kies om daarvoor te val of nie. Maar wanneer jy vir die versoeking val, val jy in sonde. En hoe meer jy vir daardie versoeking val, hoe erger word die greep van daardie sonde en soos die Woord sê, wanneer die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.

Baie mense wat op 'n tyd die Here gedien het, is vandag teruggeval, verval in sonde omdat hulle by een versoeking toegegee het, en toe weer en weer. Later was hulle so in die greep van sonde se gebondenheid dat dit weer hulle natuur begin word het om te sondig, met ander woorde die sonde natuur het weer begin heers in hulle lewens. Dit is presies wat Jakobus vir ons in hierdie teksgedeelte sê.

In jou eie menslike krag kan jy temptasies nie weerstaan nie. Ongelukkig is dit die geval met meeste kinders van God vandag, dat hulle probeer heiligmaking, verlossing, oorwinning en ook temptasies deur die eie ek oorwin. Ek hou aan praat van die voorwerp van ons geloof. Ek vra u om weereens te kyk na die tabel wat Loren Larson opgetrek het, wat u baie gaan help. Om versoekinge te weerstaan, om die vyand te weerstaan moet ons doen wat die Woord van die Here sê:

Jakobus 4 : 7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Die vraag is, hoe onderwerp ek my aan God? Dit is eenvoudig om jou geloof in die kruis van Jesus te plaas en nie in die eie ek (en die dade wat daaruit volg, hoe Goddelik dit ookal mag wees in hulself) nie. Die voorwerp van my geloof moet die kruis van Jesus wees en bly. Sodoende weerstaan ek die vyand en hy sal van my vlug. Solank as wat jy jou geloof in die kruis hou, sal die sonde natuur dormant bly. Sodra jy jou geloof in die eie ek plaas (werke, maak nie saak wat dit mag wees nie) wandel jy in die vlees en sal verseker nie temptasies kan oorwin nie.

Lees al die bogenoemde Skrifte en Skrifverwysings en ook 1 Kor 10 : 13; Efes 6 : 10

DAG 24 **BEPROEWINGE**

1 Petrus 1 : 6 -7 *Daarin verheug julle jul, al word julle nou — as dit nodig is — 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus...*

Soos ons reeds gesien het, is versoeking tot sonde nie van die Here nie (Jakobus 1 : 13), maar die Here sal wanneer dit nodig is, beproewinge oor jou pad stuur. Hierdie beproewinge is nie verwoestend, tragedies ens. nie. Beproewinge is situasies, alleraardigse gebeurtenisse wat die Here gebruik. Beproewinge is deur die Here gegee om ons karakter te bou en ons geloof te laat groei. Wanneer ons na Johannes 15 gaan kyk, sien ons dat dit die wil van die Here is dat ons moet vrug dra, met ander woorde, groei in die beeld van Christus. Daar is 'n progressiewe groei in vrug wat in Johannes 15 vir ons opgeskryf is. Hy sê: Dra vrug, meer vrug en dan veel vrug. Dit beteken die Here wil hê dat jy moet groei in jou geloof en daarom sal die Here toelaat dat daar beproewinge, wanneer dit nodig is, oor jou pad kom wat Hy gebruik om jou geloof te louter en jou karakter te maak groei sodat jy meer en veel vrug mag dra.

Israel was deur die Here beproef in die woestyn net na hulle uittog uit Egipte. Hulle het die heerlikheid van die Here beleef wat Hy in Egipte gedemonstreer het. Maar tog het hulle die heelyd teen die Here gemurmureer en geen vertrouwe in God gehad nie. Die Here het toetse op hulle pad gebring, en hulle het die heelyd die toetse wat God vir hulle gegee het, gedruip. Daarom moes hulle 40 jaar in die woestyn deurgebring het.

God bring toetse op jou pad, die rede hoekom Hy dit doen is om jou geloof te bou. Hy bou goddelike karakter in jou. Maar as jy die toetse gaan aanhou druipe, gaan jy nooit dit beleef wat God vir jou instoor het nie. Jou gesindheid teenoor hierdie beproewinge moet met dankbaarheid en blydskap wees. Hoor wat sê Paulus:

Romeine 5:3 *En nie alleen dit nie, maar ons **roem ook in die verdrukkinge**, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk...*

Paulus sê dat hulle roem in die verdrukkinge (beproewinge) omdat hierdie verdrukkinge Goddelike eienskappe in hulle werk. Wat doen jy wanneer God sekere dinge oor jou pad toelaat? Meeste van ons murmureer teen die Here. Het jy geweet dat murmurering een van Israel se sondes was wat hulle in die woestyn gehou het? (1 Korinthiërs 10 : 10)

Wanneer jy miskien hierdie maand minder geld kry as verlede maand, begin om die Here te dank dat Hy jou Voorsiener is en nie mense nie. Wanneer al jou vriende jou uitskuif en verwerp begin Hom te dank dat Hy jou beste Vriend is. Sodoende gaan jy hierdie beproewinge met 'n mooi gesindheid in, en as jy volhard daarin, sal die Here jou promoveer na 'n nuwe geestelike dimensie. As jy Graad 7 se eksamen slaag, gaan jy Graad 8 toe. Net so promoveer die Here ons wanneer ons die toetse deurstaan het, ons geloof nie in onself nie, maar in wat Hy vir ons op die kruis gedoen het. Onthou altyd: **Geloof word altyd getoets, groot geloof word altyd grootliks getoets.**

Rom 5 : 3-5; Jak 1 : 12; Hand 20 : 16-19; 1 Pet 4 : 12-13; Jak 1 : 2-3

DAG 25

GEBED

Kolossense 4:2

Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging.

Soos reeds aangedui is aan die heel begin van hierdie boek in die voorwoord, is enige verhouding, of dit tussen man en vrou, tussen ouer en kind, werkgewer en werknemer is, enige verhouding is gebaseer op kommunikasie. Sonder kommunikasie is enige verhouding dood. Jy wat weergebore is, moet 'n baie diep verhouding met die Here bou.

Gebed is soos asemhaling. Sonder asemhaling sal jy sterf. Sonder 'n verhouding met Jesus sal jy net weet van Hom maar jy sal Hom nie ken nie. Elke groot man en vrou van God wat al ooit geleef het, Moses, Elia, Daniël, Simson, Paulus, Petrus en kragtige manne en vroue in hierdie eeu waarin ons lewe was manne en vroue wat 'n kragtige gebedslewe gehad het.

Jesus het groot kragtige dade gedoen en die dissipels kom na Hom en vra Hom: *Lukas 11 : 1 - Here, leer ons bid...* Hulle kon maklik vrae vra soos: "Here leer ons hande oplê, Here leer ons om mense te genees, ens." Maar hulle vra Hom om hulle te leer bid. Ons sien op 'n tyd spandeer Jesus 'n hele aand op 'n berg alleen in gebed tot die Vader, toe dit dag word het Hy van die berg afgestap en Sy dissipels gekies. Vandag wanneer kerke 'n prediker beroep of leierskap kies sê hulle vir die gemeente dat hulle moet kies wie hulle wil hê. Die Here soek manne en vroue wat sal bid en bid om Sy wil te ken. As Jesus dit nodig geag het om 'n nag in gebed tot God deur te bring, as Jesus Christus dit nodig geag het om vroeg in die môre op te staan en te gaan bid, hoeveel meer het ek en jy nie nodig om te bid nie?

Deur gebed leer ons die Here ken, ons leer om vir Sy Kosbare Gees sensitief te wees. Ons leer deur gebed wat die wil van die Vader is. Deur gebed kan ons vir ander gelowiges en ongelowiges in die "gaping" staan wat die Here dringend nodig het (Esegiël 22 : 30). Wanneer ons bid ontmoet die hemel die aarde. Wanneer ons bid beweeg die Here. Die Here wou reën stuur, maar Elia moes eers daarvoor gaan bid het (1 Konings 18 : 1 & 42-45). Gebed het nog altyd sake verander, God wou Israel vernietig maar Moses het gebid en die Here het van Sy plan afgesien (Eksodus 32 : 10-14). Hesikia was deur die Woord van die Here tot die dood verklaar, maar Hiskia het homself omgedraai en gebid, en dit het sy lot verander en die Here het gesê dat Hy nog 15 jaar by sy lewe sal voeg (2 Konings 20 : 1-6)

Petrus word tot die dood toe veroordeel en word toegesluit, maar die Woord van die Here sê daar het die hele tyd vir hom gebede opgegaan van die gemeente en 'n engel van die Here het hom verlos uit die gevangenis sodat hy weer vry was (Hand 12 : 1-8). Paulus en Silas word geslaan en in 'n blok vasgemaak en in die gevangenis deur 'n bewaarder bewaak, maar die Woord van God sê dat hulle begin bid en lofliedere tot eer van God gesing het. God stuur 'n aardbewing om hulle te verlos uit die tronk (Handelinge 16 : 23-26)

Gebed verander sake. Begin bid vir die redding van jou familie, begin bid vir Suid Afrika, jou dorp of stad, jou kerk, gesin en sien hoe die Here begin beweeg.

GEBED VERANDER SAKE!

Lees al die bogenoemde Skrifverwysings in jou Bybel en: Matt 6 : 5-13; Matt 7 : 7-11; 1 Thess 5 : 17; Efes 6 : 18; Fil 4 : 6; 1 Pet 3 : 12; Jak 4 : 2; Jak 5 : 16

DAG 26

LOFPRYsing & AANBIDDING

Psalm 22 : 4 Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!

Wanneer ons die Woord van die Here bestudeer sal ons sien hoe belangrik lofprysing en aanbidding vir die Here is. Wanneer ons die Here prys en aanbid, verklaar ons wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het, ons verklaar ons dankbaarheid teenoor Hom. Ons sien dat wanneer mense in die Bybel begin het om die Here te aanbid was daar 'n kragtige beweeg van die Here gewees:

2 Kronieke 5 : 13-14 en toe die trompetblasers en die sangers almal saam eenstemmig begin om die Here te prys en te loof, en net toe hulle die stem verhef met die trompette en met die simbale en met die musiekinstrumente, en met: *Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid! — is die huis, die huis van die Here, vervul met 'n wolk. **En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van die Here het die huis van God vervul.***

God woon onder die lofsange van Sy kinders. Hallelujah! Wanneer ons begin om die Here te loof en prys en aanbid, sak die heerlijkheid van die Here neer. Wanneer die heerlijkheid van die Here neersak begin daar wonders plaasvind. Paulus en Silas was met stokke geslaan en in die gevangenis gewerp terwyl hulle in boeie en in 'n blok vasgemaak was:

Handelinge 16 : 24-27 Hy het toe, omdat hy so 'n bevel ontvang het, hulle in die binneste gevangenis gewerp en hulle voete in die blok vasgemaak. En omtrent middernag het Paulus en Silas **gebid en lofliedere tot eer van God gesing;** en die gevangenes het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak...

Hulle kon gekies het om te murmureer en toe te laat dat mismoedigheid en depressiwiteit hulle aanval. Maar hulle het begin om die Here te loof en te prys en aanbid. Die Heerlikheid van God het neergesak en hulle was geheel en al bevry gewees. Soos ons reeds gesê het: gebed verander sake, lofprysing en aanbidding is 'n tipe gebed.

Miskien bevind jy jouself in baie moeilike omstandighede, finansieël, gesondheid, huwelik, emosioneel of hoe ookal, dit gaan net nie goed met jou nie. Jy voel jy is in boeie en blokke vasgemaak. Al wat jy moet doen is om net die Here se Naam te loof en prys en aanbid. Lig jou hande na Hom en verklaar dat Hy is, die groot EK IS (Eksodus 3 : 14).

Hy is die enigste waaragtige God, by Hom is geen ding onmoontlik nie. Hy is die enigste Voorsiener, Geneesheer, by Hom is daar geen verandering of skadu van omkeer nie. Haal jou fokus van jou omstandighede af en begin om Hom te loof en prys en aanbid. Hy het behae daarin as jy Hom aanbid!

Ps 63 : 4; Ps 69 : 31; Ps 74 : 21; Ps 100; Ps 109 : 30; Ps 138 : 1-2; Efes 5 : 19; Kol 3 : 16

DAG 27

HOEKOM SPREEK ONS IN TALE?

Soos ons reeds bespreek het, die oomblik wanneer 'n persoon gedoop word in God se Gees is daar een definitiewe teken wat gegee word om dit te bevestig en dit is die spreek in tale:

Handelinge 2 : 4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Nou is daar baie kere baie vrae by kinders van God rondom die spreking in tale. Die eerste ding wat ek wil hê jy moet verstaan is: Wanneer jy in 'n taal spreek, is dit 'n taal wat nie jy of enige iemand anders ken nie, dit is 'n taal wat net God verstaan. Tale is een van die wonderlikste ervarings wat 'n kind van God kan ervaar omdat wanneer jy in 'n taal spreek is jy besig om deur die Gees en in die Gees te bid. Dit is die perfekte gebed.

Hoekom spreek ons in tale?

- * Want dit is 'n belofte van God - Handelinge 2 : 39
- * Want deur die Gees spreek ek verborgenhede direk tot God – 1 Korinthiërs 14 : 2
- * Want dit is die enigste geestelike gawe aan my gegee om myself te stig – 1 Korinthiërs 14 : 4
- * Want sodoende bou ek myself op in die allerheiligste geloof – Judas : 20
- * Wanneer ek in 'n taal bid, bid my gees – 1 Korinthiërs 14 : 14
- * Want ek weet nie altyd mooi hoe om te bid nie, maar wanneer ek in 'n taal bid help die Gees my – Romeine 8 : 26
- * Wanneer ek in 'n taal bid begin ek, deur en in die Gees, vir ander heiliges bid – Romeine 8:27

Sommige Christene dink dat tale net gegee is aan sommige mense, net aan uitgekieses. Die waarheid is dat dit vir enige iemand is wat Jesus aangeneem het as die Here van hul lewens en hierdie gawe wil hê: Handelinge 2 : 38, Johannes 7 : 37-39; Markus 16 : 17; Openbaring 22 : 17

Dit is so belangrik dat jy as kind van God wat reeds in tale bid seker maak dat jy elke dag in tale bid. Jy kan enige tyd kies om in tale te bid, dit is nie nodig dat jy hoef te wag vir enige iets nie. Dis 'n gawe wat God aan elkeen gegee het wie dit wil hê en daarom kan jy enige tyd in hierdie taal spreek.

Met sommige mense gebeur dit dat wanneer hulle gedoop is in die Heilige Gees dat daar net 1 of 2 woorde in 'n taal ontvang word. Ek wil jou aanmoedig, hou aan om daardie woord of twee wat jy ontvang het, te spreek. Dit is hoe dit ook met my gebeur het aan die begin. Soos wat jy aanhou spreek sal jy sien hoe jy op 'n dag 'n hele taal van die Here ontvang. Jy het geen kwalifikasie of iets nodig om gedoop te word met God se Gees nie. Jy moet net die Here Jesus aangeneem het as jou Redder en Verlosser en jy moet net glo. Glo net dat die dopping van God se Gees nou vir jou is, want dit is. (Handelinge 2 : 39)

As jy nog nie gedoop is in God se Gees nie, kan jy net daar waar jy nou is jou hande opsteek en die Vader vra dat Hy jou sal vul en doop in Sy Gees. Jy sal klanke en woorde in jou binneste ervaar. Spreek dit uit, moet nie terug hou nie. Jou gedagtes gaan jou wil terug hou, maar moet nie ag gee op wat jou kop vir jou sê nie, onthou wat Paulus sê, wanneer jy in 'n taal spreek, bid jou Gees, maar jou gedagtes is onvrugbaar, met ander woorde dit het niks met jou gedagtes te doen nie, dit kom nie uit jou kop uit nie. (1 Korinthiërs 14 : 14)

Steek nou jou hande op en begin Hom loof en prys in daardie taal.

Bestudeer al die bogenoemde skrifte in jou Bybel.

DAG 28

DIE GAWES VAN DIE GEES

Enige persoon wat aan Jesus behoort en gedoop is in die Gees kan gebruik word deur God in die gawes van die Gees. God het die gawes van die Gees in die liggaam, die kerk, geplaas sodat deur die gawes van die Gees die liggaam van die Here Jesus toegerus mag word. Net soos met die doping in die Heilige Gees, is die gawes van die Gees ook beskikbaar vir enige kind van God wat net sal glo. Daar is geen kwalifikasie of enige iets soos dit nodig nie. Die Bybel sê dit is die "genadegawes". Jy kan dus nie daarvoor werk nie, jy kan dit nie verdien nie, jy hoef nie gekwalifiseer te wees deur 'n organisasie nie, nee! Dit is GENADEgawes, God gee dit genadiglik aan mense.

Die 9 gawes van die Gees word opgeskryf in 1 Korinthiërs 12 : 1-11, en hulle is:

- 1 – Woord van wysheid
- 2 – Woord van kennis
- 3 – Geloof
- 4 – Genadegawes van gesondmaking
- 5 – Werking van kragte
- 6 – Profesie
- 7 – Onderskeiding van die geeste
- 8 – Allerhande tale
- 9 – Uitleg van tale

Al hierdie gawes is die gawes van die Heilige Gees. Dit het niks met die natuurlike realim te doen nie en is bonatuurlik. Ek sal baie graag elkeen van hulle afsonderlik wil bespreek en in baie detail ingaan, maar a.g.v. spasie kan ek nie, ek raak net daaraan. Hierdie gawes word in 3 kategorië opgedeel.

1ste – OPENBARING GAWES – Beteken hulle openbaar dinge

- 1 – Woord van wysheid (toekomstige openbaring) – Johannes 21 : 18; Matthëus 24 : 2; Handeling 5 : 9
- 2 – Woord van Kennis (hede of verlede openbaring) – 1 Samuel 9 : 20; Johannes 1 : 48-50; Handeling 16 : 9-10
- 3 – Onderskeiding van geeste (openbaring van die mens se gees en motiewe) – Matthëus 9 : 3-4; Handeling 8 : 18-23

2de – KRAG GAWES – Beteken dit is kragwerkende gawes

- 1 – Gawe van geloof (niks met normale geloof te doen nie, dit is bonatuurlik) – Matthëus 14 : 29; Exodus 7 : 9-10
- 2 – Genadegawes van gesondmaking (dit is in die meervoud geskryf omdat daar so baie siektes is.) – Markus 1 : 20-31; Handeling 3 : 7; Handeling 28 : 8
- 3 – Werking van kragte (Wonderwerke) – Matthëus 14 : 17-21; Markus 5 : 36-42; Handeling 9 : 40-41

3de – VOKALE GAWES – Gawes van die Gees waar daar gespreek word

- 1 – Profesie (gegee sodat mense gestig, bemoedig en getroos mag word) – 1 Korinthiërs 14 : 3
- 2 – Tale (hierdie is anders as tale wat gegee word by doping in die Gees, hierdie is vir gebruik in die gemeente - 1 Korinthiërs 14 : 5; 1 Korinthiërs 14 : 27-28)
- 3 – Uitleg van tale (nie vertaling nie, maar slegs uitleg. Daarom kan die taal byvoorbeeld 1 minuut lank wees en die uitleg slegs 30 sekondes omdat dit nie vertaling van die taal is nie maar die uitleg) 1 Korinthiërs 14

Lees en bestudeer al bogenoemde skrifte in jou Bybel.

DAG 29

DIE SALWING

Wanneer 'n persoon hom/haar bekeer na die Here en gedoop word met God se Gees word daardie persoon deur die Here gesalf. In die ou testament sien ons hoe God mense gesalf het vir 'n sekere taak en doel. Sommige van hulle was priesters, ander was profete, konings, ens. In die tyd waarin ons nou lewe onder die nuwe testament, salf God elkeen wat bekeer en vervul is met Sy Gees vir dieselfde taak en doel en dit is om kragtige getuies te wees van die Here, om siele vir Hom te wen.

*Handelinge 1:8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, **en julle sal my getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*

Die Griekse woord vir salwing is: *chrisma - khris'-mah:unguent* or *smearing*, that is, (figuratively) the special *endowment* ("chrism") of the Holy Spirit: - anointing, unction.

Sien, die Salwing is soos elektrisiteit. Wanneer jy 'n lig in jou sitkamer of kamer het wat af is, is dit maar net 'n dooie en kragtlose lig. Maar wanneer jy die knoppie teen die muur aansit, dan word daardie dooie lig 'n kragtige helder lig en dit verlig die hele vertrek waarin dit skyn. Wanneer God ons salf, begin ons om kragtig in die Here te wees. Wanneer ons getuig van Jesus, is dit nie net meer dooie woorde om mense te probeer oortuig van Jesus nie, maar daar is krag, lig en lewe in dit wat ons sê en sodoende word siele aangeraak en kom hulle na Jesus.

Soos ons reeds gesê het, die salwing is soos elektrisiteit wat God oor ons plaas wanneer ons vervul word met Sy Gees. En dit is hierdie "elektrisiteit" wat die duiwel en sy werke nie kan weerstaan nie. Wanneer ons dan hande op mense lê vloei hierdie salwing ("elektrisiteit") van ons af na hulle op wie ons die hande lê. Die salwing is oordraagbaar.

Dit is hoekom:

- 1 – ...Jesus Christus gesê het ons moet die hande oplê, want die salwing vloei en sodoende dryf hierdie onweerstaanbare "elektrisiteit", hierdie krag van die Heilige Gees duiwels uit en siektes se krag word gebreek. - Markus 16 : 18; Markus 6 : 5; Markus 7 : 32; Markus 8 : 23-25; Handelinge 5 : 12
- 2 – ...die mense aan Jesus se klere kom vat het en sodoende genesing en bevryding ontvang het, omdat die Salwing oordraagbaar is - Markus 6 : 56; Markus 5 : 25-30
- 3 – ...daar van Paulus se lyf klere gebring was wat op siekes en demonies besete mense gelê was en so het hulle verlossing ontvang - Handelinge 19 : 11-12
- 4 – ...mense in Petrus se skaduwee wou kom wie siek was sodat hulle kon genees - Handelinge 5 : 15
- 5 – ...die Apostels mense hande opgelê het sodat hulle die doping in die Heilige Gees kon ontvang - Handelinge 8 : 14-17; Handelinge 19 : 5-6
- 6 – ...Elia se mantel geval het en Elisa met die mantel die water kon oopslaan - 2 Konings 2 : 11-14

Sien u dat die Salwing van God se Gees die werke van die vyand verbreek?

Lees en bestudeer al die bogenoemde skrifte in jou Bybel.

DAG 30

BEWAAK JOU HART

Spreek 4 : 23 *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.*

Iemand het eenkeer gesê: “Die hek na jou hart is deur jou oë en jou ore en jou hart het 'n “non return valve” dus, alles wat jy in jou hart toelaat, bly daar en soos Jesus Christus gesê het:

Markus 7 : 21 *Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egsbreuk, hoerery, moord...*

Wat jy jou hart mee vul, is wat te voorskyn gaan kom. Daarom is dit so vreeslik baie belangrik as kind van God om jou hart te bewaar teen verkeerde invloede. Die vyand gebruik baie maniere om mense weg te kry en weg te hou van die Here soos byvoorbeeld TV, musiek, fliks, internet video speletjies, verkeerde tydskrifte en so meer.

Wanneer jy byvoorbeeld heeltyd na geweldadige programme op TV kyk sal jy verseker sukkel met aggressie na 'n tyd. Deur voortdurend na pornografie te kyk sal jy begin sukkel met wellus. “Horror” programme gaan jy sukkel met vrees. So kan ons aangaan. Ek het onlangs van 'n berig gehoor, en hierdie is een van baie, waar 'n jong seun gesit het en 'n rekenaar speletjie gespeel het, sy ma het ingekom en met hom geraas. Hy het opgestaan en met hulle .22 haar doodgeskiet en haar toe probeer verkrag. Toe daar gekyk was na wat die speletjie was wat hy gespeel het, was daar moord en verkragting en totale rebellie in die speletjie gewees. Daar is baie sulke gevalle wat ons kan aanhaal.

Daarom sê Jesus:

Matthëus 6 : 22 -23 *Die lamp van die liggaam is die oog. **As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees.** Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees...*

Ek het al jong mense bedien wat kinders van die Here is dan sal hulle onder andere sukkel met selfmoord gedagtes en depressie. En sodra mens bietjie begin uitvra na wat hulle kyk en na watse musiek hulle luister, is dit 97% van die tyd waar die probleem lê.

Daarom, maak seker jy hou jou oë en ore nie oop vir verkeerde negatiewe invloede nie en bewaak jou hart meer as ALLES...MEER AS ALLES!! Jou oë en ore is nie asblikke nie!

Bestudeer asb: Psalm 17 : 3; Psalm 19 : 15; Psalm 24 : 1-4; Psalm 51 : 12; Psalm 73 : 1

DAG 31

DIE VERNUWING VAN JOU GEMOED

Romeine 12 : 1-2 *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. Dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

Jy, as kind van God, het die verantwoordelikheid om jou gedagtes, jou gemoed, te vernuwe. Dit is onmoontlik om die Here te dien en terselfdertyd deel te wees van hierdie wêreld. Wanneer ons praat van die wêreld verwys ons nie na die natuur nie, maar na die manier, die kultuur en die siteem van hierdie wêreld.

1 Johannes 5 : 19 *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.*

Jy kan nie die Here dien en gelykvormig word aan die wêreld se standarde nie:

Jakobus 4 : 4 *Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.*

Jy het tot inkeer gekom en nou moet jy jou gemoed, wat vir jare al gewoon was aan die wêreld se maniere, begin vernuwe. Die vraag is, hoe vernuwe jy jou gemoed? Behalwe dat jou geloof in die kruis van Jesus Christus moet bly, is daar net een manier waarop die vernuwing van jou gemoed kom, en dit is deur om God se Woord te bestudeer.

Soos wat jy God se Woord bestudeer, sal jy sien hoe jou manier van dink en optree geheel en al verander. God se Woord is lewendig, en soos jy God se Woord bestudeer is jy besig om gelykvormig te word aan die Woord van God.

Laat toe dat Die Woord jou binneste penetreer. Deur God se Woord te **bestudeer en te verstaan** word jou identiteit in Christus gebou, jy begin jou regte en voorregte ken en geniet. Jou persoonlikheid begin verander en jy begin om te groei in die beeld van Christus, jy leer wat Sy Woord vir jou belowe.

God se Woord is soos vuur wat skoon brand – Jeremia 23 : 29

God se Woord is soos 'n hamer wat valsheid stukkend slaan – Jeremia 23 : 29

God se Woord is soos water wat skoon was – Efesiërs 5 : 26-27

God se Woord is soos 'n snydende swaard – Hebreërs 4:12

God se Woord is soos 'n spieël wat reflekteer – Jakobus 1 : 22-25

God se Woord is soos saad wat vermeeder – 1 Petrus 1 : 23-25

God se Woord is soos 'n lamp en lig vir jou pad – Psalm 109 : 105

God se Woord is soos onvervalste melk vir voeding – 1 Petrus 2 : 2

God se Woord is soos vleis wat vaste spys is vir voeding – Hebreërs 5 : 12-14

God se Woord verbly, verkwik, is suiwer, verlig en is begeerliker as goud en soeter as heuning

Psalm 19 : 8-12

Lees en bestudeer al die bogenoemde skrifte en Skrifverwysings in jou Bybel.

DAG 32

WANDEL DEUR DIE GELOOF

2 Korinthiërs 5 : 7 *Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.*

Jy as kind van God moet leer wat God se Woord sê en daarvolgens moet jy wandel. Die vyand gaan probeer om jou gevoelens aan te val en jou sodoende mismoedig te maak. Hy sal probeer dat jy jou fokus op die natuurlike situasies plaas en nie op dit wat God se Woord sê nie.

So baie keer hoor ons hoe kinders van die Here sê: “Ek voel nie meer die Here se teenwoordigheid nie of ek voel nie waardig om die Here te dien nie oor ‘n fout wat ek gemaak het, ens”.

Ek vat ‘n voorbeeld - Wanneer jy dalk 'n fout gemaak het en jy vra die Here waarlik vergifnis daarvoor, sê Sy Woord:

1 Johannes 1 : 9 *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

Ongeag hoe jy “voel”, wanneer jy die Here vergifnis vra vir ‘n fout wat jy gemaak het, sê Sy Woord dat jy vergewe is. Maar die vyand gaan aanhou om jou te laat wil sleg voel en soms gaan dit vir jou voel dat jy nie vergewe is nie, dat die Here kwaad is vir jou. Dit is waarom dit so van kardinale belang is dat jy moet weet wat God se Woord sê en slegs dit glo wat Hy sê. Al voel jy nie vergewe nie, Sy Woord sê jy is as jy vergifnis gevra het. Daarom sê die Woord ons wandel deur die geloof en NIE DEUR AANSKOUING NIE, met ander woorde, ons wandel nie deur ons sintuie nie, maar volgens wat God se Woord sê.

Hebreërs 11 : 1 *Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Al lyk elke situasie donker en verlore, al is jou emosies deurmekaar en jy voel minderwaardig en verlate, om geloof in die Here te hê en deur die geloof te wandel is om te GLO wat Sy Woord sê en daarop te reageer en nie ag te gee op hoe jy voel nie. Leer om die Here onwrikbaar te vertrou en te glo dat dit wat Hy sê die waarheid is, ongeag hoe jy daarvoor voel. Wandel deur die geloof en sien in jou gees die eindresultaat alhoewel daar nog geen resultaat is nie.

Al voel en lyk jy nie gesond nie, Sy Woord sê jy is genees - Jesaja 53 : 5

Al voel jy God is kwaad vir jou, Sy Woord sê daar is vrede tussen Hom en jou – Romeine 5 : 1

Al voel jy jou sonde is te veel en rooi, Sy Woord sê dit sal wees wit soos sneeu - Jesaja 1 : 18

Al voel jy soos 'n mislukking, Sy Woord sê Hy het 'n plan met jou - Jeremia 29 : 11; Psalm 139 : 17-18

Al voel jy alleen, Sy Woord sê jy is nooit alleen nie, Hy is altyd daar – Hebreërs 13 : 5; Matthëus 28 : 20

Al voel dit vir jou dat Hy hoor nie jou gebede nie, Sy Woord sê Hy hoor jou - Jesaja 65 : 24; Johannes 14 : 14

...en so kan die lysie aangaan

Ware geloof is KONSTANT, jou emosies FLUKSOREER (is veranderbaar). Leer wat God se Woord sê en leef daarvolgens. Al lyk en voel elke situasie teen jou, leer wat Sy Woord sê en staan vas op wat Hy sê. En sodoende wandel jy deur die geloof en nie deur aanskouing nie

Lees en bestudeer al die Skrifverwysings in jou Bybel.

DAG 33

JOU FOKUS

Hebreërs 12 : 1-2 *Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus Christus, die Leidsman en Voleinder van die geloof...*

Hierdie is een van die belangrikste onderwerpe wanneer dit kom by geestelike groei in die Here en om Hom te dien en volg. Ons sien vandag hoe baie mense by die huise sit en nie meer die Here wil dien nie omdat hulle seergekry het in kerke omdat pastore hulle teleurgestel het of omdat ander broers en susters in die geloof hulle tenagekom het en seergemaak het. So baie keer hoor ons die gesegde: "As dit is hoe Christene is dan wil ek nie 'n Christen wees nie".

Een groot rede waarom baie mense by die huise sit en teruggeval het is omrede hulle fokus verkeerd is. Kyk mooi wat sê Hebreërs 12 : 1-2. Hy sê daar is voor elkeen van ons 'n wedloop neergelê wat ons moet voltooi. Hy sê maar wanneer ons begin om laste te dra en begin om sonde toe te laat in ons lewe sal ons die wedloop wat God voor ons neergelê het nie kan voltooi nie. Dan gee hy die krities belangrike punt en dit is: Om hierdie wedloop te voltooi wat die Here voor jou neergelê het, moet jy jou oog (jou fokus) op Jesus hou. Hy is die Leidsman en die Voleinder van jou geloof, met ander woorde, Jesus het die geloof in jou begin en Hy sal jou deurdra tot die einde, Hy bring jou geloof tot voleinding.

Paulus het dieselfde probleem gehad met die kerk van Korinte. Die mense was hier verdeeld en het hulle fokus nie op God gehad nie, maar op sommige van die Apostels:

1 Korinthiërs 1 : 12-13 *Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus. Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus...*

Hoor wat sê Paulus verder:

1 Korinthiërs 3 : 4-7 *Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek van Apollos—is julle nie vleeslik nie? Wie is Paulus dan, en wie Apollos anders as dienaars deur wie julle gelowig geword het? En dit soos die Here aan elkeen gegee het. Ek het geplant, Apollos het natgemaak, **maar God het laat groei. So dan is hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei.***

Alhoewel sommige predikers moontlik vir jou 'n groot inspirasie mag wees, of ander broers en susters in die Here vir jou 'n inspirasie mag wees, is dit ook al wat hulle vir jou moet wees. Jou fokus mag nie op hulle wees nie, jou fokus moet SLEGS op die Here Jesus wees. Hulle mag dalk baie vir jou beteken, maar hulle het net saad (die Woord van God) geplant en natgemaak, maar dit is God wat daardie saad maak groei, daarom moet jou fokus net in Hom bly.

Jy moet jouself nooit ooit meet teen ander mede-gelowiges nie. Nie teen hulle sterk punte of hulle swakhede nie. Moet nie probeer om soos 'n ander mens te wees nie, jy is wie God jou geskape het om te wees. Die Here het in jou sekere talente en gawes gedeponeer, daar is net een soos jy en dit is jy. Groei in die Here, volg Hom, dien Hom, hou jou fokus net op Hom. Ander gelowiges en predikers gaan jou nog baie teleurstel omrede hulle 'n mens soos jy is, maar God sal jou nooit teleurstel nie.

Maak seker jy volhard in die wedloop wat God voor jou neergelê het. Hou jou fokus op Jesus Christus .

Filipense 1 : 6; 1 Korinthiërs 1 : 9

DAG 34

STRY KRAGTIG VIR JOU GELOOF

Judas 1 : 3 *Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.*

Jou geloof is net een maal aan jou oorgelewer. Die Woord sê die geloof wat jy het is:

1 Petrus 1 : 6 Geloof, wat baie kosbaarder is as goud...

Daarom moet jy kragtig stry om jou geloof in die Here te bewaar teen valse profete en allerhande valse leerstellings. Daar was nog altyd in die verlede, maar in hierdie laaste dae nog baie meer, valse leerstelling en valse leraars. Meeste valse leerstellings, wanneer jy daarna luister, klink baie keer goed en reg en dit mag selfs skriftuurlik klink. Maar wanneer dit waarlik teen die konteks van die Skrif getoets word, het daardie valse leerstellings geen fondasie in God se Woord nie.

1 Timòtheüs 4:1 *Maar die Gees sê uitdruklik (nie Paulus of enige iemand anders nie, maar die Gees van God sê dit) dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang*

As Hy sê daar is mense wat van die geloof afvallig sal word beteken dit mos dat hulle eens op 'n tyd die Here waarlik gedien het en in die ware geloof was maar hulle het van die ware geloof afvallig geword. En nou sê die Woord dat hulle sal verleidende geeste en leringe van duiwels aanhang.

Ons sien hoe daar meer en meer snaakse leringe die kerk inkruip en hierdie leringe word deur die meeste mense in die kerke aanvaar. Die vraag is hoekom? Hoekom luister baie kinders van God daarna en volg dit blindelings na? Hier volg sommige redes:

- 1 – Meeste kinders van die Here is baie **onkundig** aangaande die Woord van God, hulle ken nie die Woord nie. Hulle glo maar wat die prediker wat daar voor staan sê die waarheid is. Hulle glo maar hy weet waarvan hy praat. Jy as kind van God moet die Woord bestudeer. Alles wat gepreek word MOET jy toets teen die Skrif. Maak nie saak wie die prediker is nie, toets of wat gepreek word wel so is. Handeling 17 : 10-11; 1 Johannes 4 : 1; Hosia 4 : 6
- 2 – Baie van hierdie valse leringe is **sensasioneel**, m.a.w daar is baie keer tekens en wonders en allerhande ander sensasionele dinge wat saam volg met hierdie lering. Daarom, dink die mense, moet wat die prediker leer van die Here af wees. Jy mag dalk vra is dit moontlik dat daar tekens en wonders in die Naam van die Here kan volg? Verseker! Matthëus 7 : 21-23; Matthëus 24 : 24
- 3 – Baie kinders van die Here het geen **onderskeid** in hulle om hierdie valse leringe en valse profete te onderskei nie omrede hulle nie sensitief is vir die Gees van die Here. Jy moet leer om te luister na daardie sagte stem wat uit jou gees kom. Ek moet by dit sê dat daar 'n verskil is tussen om krities te wees en onderskeiding te hê. Handeling 8 : 18-23; 1 Korintiërs 12 : 10

Lees en bestudeer die bogenoemde Skrifte en Skrifverwysings.

DAG 35

DIE WEGRAPING

1 Thessalonicense 4 : 16-17 *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle **in wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.***

Hier leer die Woord van die Here vir ons dat elke ware wedergebore kind van God gaan deel wees van 'n wonderlike eindtyd gebeurtenis wat enige oomblik kan plaasvind. En hierdie gebeurtenis is wanneer Jesus op 'n wolk gaan kom en 'n engel gaan daardie basuin blaas, dan sal hulle wat gesterf en wat begrawe is, wie weergebore is, uit die dood uit opstaan en opvaar na die hemel om die Here te ontmoet in die lug. En as jy nie sterf voor hierdie gebeurtenis plaasvind nie, gaan jy wat aan Hom behoort, ook weggevoer word deur wolke en Jesus in die lug ontmoet. Hierdie gebeurtenis noem ons die wegraping.

Alhoewel die woord “wegraap” net 2 keer in die Afrikaanse (53/33) Bybel voorkom (Sefanja 1 : 2-3), het daardie wegraap niks te doen met waaroor ons hier praat nie. Daardie wegraap (Sefanja 1 : 2-3) het te doen met die oordeel van die Here vir daardie land. Die wegraping waarvan ons hier praat het te doen met elke ware wedergebore kind van God wat van hierdie aardbodem weggevoer, weggeneem of weggeraap sal word om die oordele van die Here wat op die aardbodem uitgegiet gaan word in die groot verdrukking te ontvlug. (Lukas 21 : 34-36).

Die Griekse woord vir “weggevoer” wat Paulus gebruik is die Griekse woord: har-pad-zo, “harpadzo” en dit beteken: om weggeruk of weggepluk te word met geweld. Met ander woorde - om met 'n vreeslike spoed weggepluk te word en daarom noem ons hierdie gebeurtenis die wegraping. Daar is 2 eindtyd gebeurtenisse wat van mekaar onderskei moet word:

1 – DIE WEGRAPING

Die wegraping gaan wees wanneer Jesus op 'n wolk kom en so gaan ons Hom tegemoet in die lug in die wolke (1 Thessalonicense 4 : 13-18). Jesus is weggeneem in 'n wolk:

Handelinge 1 : 9-11 *En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; **en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem... Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus Christus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.***

Hierdie is een van baie ander beloftes oor die wegraping. Hierdie belofte is dat net soos Jesus weggevaar het, so sal Hy weer kom. Hoe het hy weggevaar? Op 'n wolk. So die eerste gebeurtenis is Jesus Christus wat op 'n wolk terugkeer vir Sy bruid om haar te red van die oordele van die Here wat op die aarde gaan val tydens die groot verdrukking.

2 – DIE WEDERKOMS

Die wederkoms is die 2de gebeurtenis wat plaasvind van Jesus se koms. Hierdie keer kom Hy op 'n perd saam met die hemelse leërs, dit is al die wedergebore kinders van God wat in die hemel is, om oorlog te voer teen die Antichris en die konings van die aarde met al hulle leermagte. Die wederkoms sal wees aan die einde van die groot verdrukking. Met hierdie gebeurtenis sal elke oog Hom aanskou:

Openbaring 19 : 11-14 *Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid... En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.*

DAG 36

DIE WEGRAPING & DIE GROOT VERDRUKKING (DEEL 1)

1 Thessalonicense 1 : 10 *en Sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, **Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.***

1 Thessalonicense 5: 9 **Want God het ons nie bestem tot toorn nie**, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus.

Die rede vir die wegraping is sodat ons die verdrukking kan ontvlug. Sommige mense glo dat ons gaan in die middel van die verdrukking weggeraap word, ander glo nou weer dat ons moet die verdrukking deurgaen en aan die einde van die verdrukking sal die wegraping plaasvind. Die waarheid is dat ons voor die verdrukking weggeraap sal word. Die rede vir die verdrukking is sodat God Sy oordele kan uitgiet op die aarde oor almal wat ongehoorsaam is aan die Evangelie boodskap van die Here en die dier (antichris) volg. Daar is meer as 21 oordele van die Here wat uitgiet gaan word tydens die groot verdrukking.

Almal wie ware wedergebore kinders van die Here Jesus is sal nie onder God se oordeel kom nie. Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes. As ons kyk na die verhaal van Noag sien ons dat Noag en sy familie regverdig voor die Here was terwyl die res van die mense op die aardbodem sondaars was wat hulle nie gesteur het aan die prediking van Noag nie. Hulle het hulle nie gesteur aan die Here nie. Toe Noag in die ark ingegaan het, het die oordeel van die Here geval, die watervloed, en Noag en die ander regverdiges is gered van die oordeel van die Here. Toe die oordeel van die Here val het hulle met die ark opgestyg bo die oordeel van die Here. Nadat God Sy oordeel op die aarde uitgegiet het, het Noag en sy familie weer "teruggekom" aarde toe en kon hulle weer die aarde bewoon.

Dieselfde met die groot verdrukking wat voorlê, ons wie gered en geregverdig is deur die kosbare Bloed van Jesus gaan nie onder die oordele van die Here kom nie en daarom kom Jesus ons voor die verdrukking haal. Nadat God Sy regverdige oordele op die aarde uitgegiet het sal ons weer afkom aarde toe met die wederkoms om oorlog te voer teen die dier en sy magte. Daarna kom die nuwe millenium waar ons op hierdie aarde saam met Jesus vir 'n 1000 jaar sal woon en heers. Kan jy die konnektasie sien tussen Noag se verhaal en die wegraping en die wederkoms?

Lukas 21 : 36 *Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, **te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.***

Jesus praat hier van die groot verdrukking en Hy sê dat ons moet waardig geag moet wees om dit TE ONTVLUG en voor Hom te verskyn. Die woord: "Te Ontvlug" is die Griekse woord: "**ekpheugō**" en hierdie woord kom van die woord: "**pheugō**" af en hierdie woord beteken om te **verdwyn**. Dit dui op die wegraping. Deur die wegraping verdwyn en ontvlug ons die verdrukking en verskyn voor die Seun van God. Hallelujah!

Kan jy sien dat die ware Bloedgewastes van die Here nie deur die verdrukking sal gaan nie want God het ons nie bestem tot Sy toorn en grimmigheid nie, maar tot saligheid. Noag het nie onder die oordeel van die Here gekom nie, maar is gered. Lot het nie onder God se oordeel gekom nie, maar is gered. So sal elke wedergebore kind van God gespaar word van die groot verdrukking, deur die wegraping.

Die wie waardig geag word is hulle wie werklik wedergebore is, hulle wie die prys wat Jesus betaal het, deur die storting van Sy Bloed aanvaar het, en hulle geloof rein bewaar het vir die Here.

Matthëus 22 : 1-13; Matthëus 24 : 45-51; Matthëus 25 : 1-13

DAG 37

DIE GROOT VERDRUKKING (DEEL 2)

Net na die wegraping begin die groot verdrukking. Die verdrukking gaan 'n tydperk van 7 jaar duur. Tydens hierdie 7 jaar sal die antichris heers en al die bewoners van die aarde sal hom aanvaar en volg omdat hy 'n vredeskontrak sal bewerkstellig tussen Israel en die Arabiese lande in die Midde-Ooste en sodoende vir die eerste keer sal daar vrede ('n valse vrede) in die Midde-Ooste wees. Hy sal ook die wêreld se ekonomiese toestand verbeter en baie lande wat in finansiële resessie is sal hy uit die resessie lei. Omdat hy, die antichris, al hierdie dinge regkry wat geen president of koning nog ooit reg gekry het nie, sal die bewoners van die aarde hom met oorgawe volg en hom beskou as die messias.

Die antichris is die valse messias. Die Bybel leer ons selfs:

2 Thessalonicense 2 : 4 *die teëstander (antichris) wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, **sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.***

Die wêreld sal hom blindelings volg en hom beskou as 'n god. Na die tydperk van 7 jaar sal die wederkoms van die Here plaasvind wanneer Hy met Sy witperd kom saam met die hemelse leërs waar Hy kom om oorlog te voer teen die antichris en sy weermag. Daarna kom die nuwe millinium wat ons die 1000 jaar vrederyk noem.

Tydens die 7 jaar van verdrukking sal daar meer as 21 oordele van die Here uitgegiet word op hierdie aarde.

Die 7 seëls:

- 1 – Die ruiter op die witperd – Die antichris word geopenbaar - Openbaring 6 : 1-2
- 2 – Die vuurrooi perd – vrede word van die aarde verwyder en oorlog - Openbaring 6 : 3-4
- 3 – Die swart perd – hongersnood - Openbaring 6 : 5-6
- 4 – Die vaalperd – Pes en mense sal vreeslik dood gaan - Openbaring 6 : 6-8
- 5 – Die siele onder die altaar – Martelare wat tydens die verdrukking doodgemaak is - Openbaring 6 : 9-11
- 6 – Groot aardbewing – Die son en maan word erg geaffekteer en meteoriete val op die aarde - Openbaring 6 : 12-17
- 7 – Die goue wierook bak – Stilte in die hemel en 7 engele maak gereed vir die volgende oordele - Openbaring 8 : 1-5

Die 7 basuine:

- 1 – Hael & vuur met bloed gemeng – Hierdie is letterlik soos die plaag van Egipte - Openbaring 8 : 6
- 2 – Brandende berg – groot meteoriet tref die see en 'n derde van die see word bloed - Openbaring 8 : 8
- 3 – Die ster Alsem – Ook 'n meteoriet wat die water tref en die water word bitter. Openbaring 8 : 10-11
- 4 – Son verduister – Dink net bietjie aan die nagevolge - Openbaring 8 : 12
- 5 – 1ste weë plaag van sprinkane – Hierdie is nie letterlike sprinkane nie, maar demone – Openbaring 8 : 13; Openbaring 9 : 11
- 6 – 2de weë perderuiters – Weereens demoniese magte - Openbaring 9 : 13-16
- 7 – 3de weë – aankondiging oor die volgende oordele, die 7 skale - Openbaring 11 : 14-19

Die 7 skale:

- 1 – Bose swere – bese aan mense wie die antichris volg - Openbaring 16 : 1-2
- 2 – See word bloed – al die skepe sink en bemanning sterf asook al die lewe in die see – Openbaring 16 : 3
- 3 – Riviere & fonteine word bloed – Hierdie, soos die res van die oordele van God, is letterlik Openbaring 16 : 4-6
- 4 – Groot hitte – mense word geskroei deur hierdie onbeskryflike hitte - Openbaring 16 : 8-9
- 5 – Duisternis – geweldige pyn volg saam hierdie oordeel - Openbaring 16 : 10-11
- 6 – Die eufraat rivier droog op – dit word dan die pad van die ooste na Israel vir oorlog - Open. 16 : 12
- 7 – Aardbewing en hael – grootste aardbewing wat die wêreld sal tref & haelstene wat val - Openbaring 16 : 17-21

Lees en bestudeer al die bogenoemde Skrifverwysing in jou Bybel.

DAG 38

DIE SLAG VAN ARMAGEDDON

Terwyl die Here se oordele uitgegiet word op die aarde tydens die verdrukking is elke wedergebore kind van God in die Hemel besig om saam met die Here Jesus Christus die bruilofsmaal van die Lam te geniet. Openbaring 19 : 7-9.

Direk na die 7 jaar van Verdrukking, nadat die Here al Sy oordele op die aarde uitgegiet het, sal die wêreld die grootste en mees brutaalste oorlog nog ooit beleef. Hierdie oorlog word genoem die Slag van Armageddon. Hierdie oorlog is nie 'n gewone oorlog nie, maar dit is 'n oorlog tussen die leërs van die antichris en die leërs van die Here.

Aan Jesus Christus se kant is:

Israel – Sagaria 14 : 1-5

Die engele – Matthëus 25 : 31; 2 Thessalonicense 1 : 7-10

Al die wedergebore kinders van God wat in die hemel is, kom na die Slag van Armageddon direk na die bruilofsmaal van die Lam – Openbaring 19 : 11-14

Aan die kant van die antichris is:

Die duiwel en sy afvallige engele – Openbaring 12 : 7-12; Openbaring 16 : 13-16

Die 10 konings – Openbaring 17 : 12-17

Die konings van die Ooste – Openbaring 16 : 12

Baie ander konings wat deur bouse geeste beïnvloed is, al hierdie konings sluit hulle weermagte in – Openbaring 16 : 13-14

Die gevolg van Armageddon

Die voëls sal hulle versadig eet aan al die lyke - Esegïël 39 : 1-5; Openbaring 19 : 17-19

Dit sal hulle 7 jaar vat om al die wapens te versamel na die oorlog en dit te smelt - Esegïël 39 : 9-10

Hulle sal 7 maande vat om al die lyke te begrawe - Esegïël 39 : 11-15

Die lengte van hierdie groot slag, Armageddon, sal nie baie dae duur nie, maar net een dag - Sagaria 14 : 6-7.

Een van die baie redes hoekom Armageddon plaasvind is omdat die duiwel Jesus wil probeer stop om Sy koninkryk op die aarde te kom vestig. Die duiwel wil sy eie koninkryk hê en sodoende heers, maar dank God ons weet wat die einde gaan wees - Jesus het hom oorwin - Openbaring 20 : 1-10

Lees en bestudeer al die bogenoemde Skrifverwysings in jou Bybel.

DAG 39

DIE KLEED

Matthëus 22 : 1-13 *En Jesus het weer deur gelykenisse met hulle begin spreek en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooies na die bruilof te roep...En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword. En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geweene wees en gekners van die tande.*

Hier lees ons van 'n verhaal van 'n Koning wat vir Sy Seun 'n bruilof berei het. Ons weet dat hierdie Koning dui op die Vader en die Seun op Jesus Christus. Ons lees verder dat almal wie genooi was begin kom het na die Seun se bruilofsmaal, en al die gaste het almal **bruilofsklede** gedra. Terwyl die Koning ingaan om na al die gaste te kyk, sien hy een wie nie 'n bruilofskleed aan het nie.

Hierdie persoon wie nie 'n bruilofskleed gedra het nie was tussen al die ander gaste, hy het van dieselfde spys geeë en dieselfde sappe gedrink soos die res van die ander gaste. Hy was gesellig soos die ander en het sy tyd geniet saam die res van die gaste. Dit was so 'n gesellige tyd dat nie een van die ander gaste moontlik opgelet het dat hierdie persoon nie 'n kleed aan het soos die res nie, maar toe die koning in die bruilofsaal instap merk hy onmiddellik dat hy nie 'n kleed aan het nie. Sonder die bruilofskleed was hy nie welkom gewees nie.

Die Bybel praat van hierdie kleed wat die gelowige dra:

Openbaring 19 : 8 *En aan haar (die vrou van God, elke ware wedegebore kind van God) is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges....*

Openbaring 19 : 14 *En die leërs in die hemel (elke ware wedergebore kind van God) het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.*

Die oomblik toe jy die Here Jesus aangeneem het as die Here van jou lewe, op daardie oomblik het jy die kleed van geregtigheid ontvang. Hierdie kleed kom slegs deur die Bloed van Jesus. Jy kan hierdie kleed nie verkry deur enige godsdienstige dade nie maar alleenlik deur om jou geloof te plaas in die kruis van die Here Jesus Christus. Hierdie kleed spreek van wedergeboorte.

Hierdie persoon het moontlik gedink: Ek is tussen ander genooide gaste, ek praat soos hulle, eet wat hulle eet, drink wat hulle drink, maak soos hulle maak, ek is een van hulle en daarom sal die koning my aanvaar. Maar die koning het nie, omrede hy nie die kleed aangehad het nie. Net so is daar baie mense wat dink omdat hulle kerk toe gaan, bid, Bybel lees, hande ophef in die kerk, tiendes gee of een of ander belangrike posisie in die kerk beklee, daarom is hulle gered en gaan hulle die wegraping maak. Nee, nee 'n duisend maal nee! Daar is net een manier om die hemel se poorte in te stap en om deel te hê aan die wegraping en dit is slegs deur die Bloed van Jesus alleenlik, om die offer wat Hy gebring het op die kruis te aanvaar. Hulle wie in die hemel was wat met perde sal terugkom aarde toe saam met Jesus, is onder andere hulle wat met die wegraping weggeraap sal word en hulle het almal klede aan. Die kleed wat gedoop is in die Bloed van die Lam, is die kleed van geregtigheid.

Judas : 23; Romeine 3 : 23; Efesiërs 2 : 8-9; Romeine 10 : 9-10

DAG 40

GAAN VERTEL ANDER

Matthëus 28 : 19 *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Elke wedergebore kind van God het die verantwoordelikheid om ander mense te bereik met die Evangelie boodskap van die Here Jesus. Biljoene en biljoene siele gaan hel toe. Elke dag reg oor die wêreld is daar duisende mense wat sterf en die meerderheid van hulle gaan reguit hel toe. Die meerderheid van die mense wat nog ooit geleef het en gesterf het is almal nou op hierdie oomblik in die hel. Oordeel ek wanneer ek so 'n stelling maak? Nee, ek haal slegs Jesus Christus se woorde aan:

Matthëus 7 : 13-14 *Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, **en daar is baie wat daardeur ingaan.** Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, **en daar is min wat dit vind.***

Hel is 'n werklikheid en die feit dat baie mense daarheen gaan is 'n werklikheid. Ons het 'n goddelike opdrag deur die Here Jesus ontvang om die boodskap van die kruis aan die ganse mensdom te verkondig. Om mense te vertel dat almal gesondig het en reguit oppad hel toe is sonder enige uitsondering - Romeine 3:23.

Daar is geen ander manier om die hemel te betree en tot redding te kom nie as slegs deur Jesus Christus alleenlik. Handeling 4 : 12; Johannes 6 : 14. Maak nie saak hoe hard 'n mens op mens se eie probeer deur allerhande mooi dade te doen en wette te onderhou nie, niemand kan die ewige lewe verdien nie - Romeine 10 : 4; Galasiërs 2 : 16; Efesiërs 2 : 8-9.

Maar Jesus het die duursame prys met Sy eie lewe betaal dat elkeen wat Hom sal aanneem en glo wat Hy vir hulle gedoen het, sal lewe - Romeine 6 : 23; Johannes 3 : 16-17; Romeine 3 : 24.

Jy, wie 'n wedergebore kind van God is, moet jou deel doen om ander te bereik met die Evangelie. Ek sê nie jy moet môre in die voltydse bediening ingaan en jou land verlaat as sendeling om siele te gaan wen nie, nee. As die Here jou so geroep het, wees gehoorsaam, maar daar waar jy elke dag kom tussen jou vriende, familie, werkskollegas, by die supermark ens., daar is jou sendingveld, daar moet jy getuig van die Here Jesus.

Miskien weet jy nie mooi hoe om met mense te praat oor die Here nie, jy voel dalk skaam dat jy iets verkeerd gaan sê. Jy moet onthou, toe jy gevul is met die Heilige Gees is jy bekragtig deur die Here om 'n kragtige getuie te wees vir Hom - Handeling 1 : 8. Die Gees van God sal jou lei om die regte woorde te spreek. Jy het nie nodig om eers 'n preek te gaan uitwerk alvorens jy met mense oor die Here wil praat nie. Jy het 'n getuienis, 'n verhaal, van waar die Here jou kom uithaal het en gered het. Vertel ander mense hoe die Here jou gered het.

Wanneer jy klaar getuig het teenoor jou vriende of wie ookal jy mee praat oor die Here Jesus, vra hulle of hulle ook die keuse vandag wil maak om Jesus aan te neem as die Here van hul lewens. As hulle ja sê, lei hulle in 'n eenvoudige gebed (daar is 'n gebed heel agter in hierdie boekie wat hulle saam met jou kan bid) waar hulle die Here Jesus Christus aanneem as die Here van hul lewens. En sodoende word jy 'n siel wenner vir die Here - Judas : 22-23.

Lees en bestudeer al die bogenoemde Skrifte en Skrifverwysings in jou Bybel.

FINALE WOORD

Ek bid en vertrou dat hierdie boek vir u 'n groot seën was. Ek vra u om my asseblief terugvoering te gee via sms, e-pos of telefonies nadat u hierdie boek klaar gelees het en vertel hoe dit bygedra het tot u geestelike groei.

HIERDIE BOEK MAG GEDUPLISEER WORD EN GRATIS VERSPREI WORD.

Geen bewoording in hierdie boek mag enigsins verander word vir enige rede wanneer versprei word nie.

U kan gerus ons webtuiste besoek vir baie meer ander en diep onderwerpe in die Woord van God wat op DVD & CD beskikbaar is.

As u graag enige finansiële bydrae wil maak tot Beautiful Feet Ministries sal dit opreg waardeer word.

KONTAK ONS:

www.deonallers.co.za

E-pos: info@deonallers.co.za

083 298 2035 (Deon)

076 373 3143 (Maritsa)

BANK BESONDERHEDE

Nedbank : Tjekrekening
Rekening houer : Beautiful Feet Ministries
Rekening nommer : 158 549 8815
Takkode : 158 550 (Die Heuwel)

EENVOUDIGE GEBED OM ANDER MENSE NA JESUS CHRISTUS TE LEI

Romeine 10 : 9 - 10 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

Lees vir die persoon wie jy na die Here lei hierdie gebed dat hy mag verstaan en laat die persoon hardop hierdie gebed agter jou aan bid:

Hemelse Vader, ek erken ek is 'n sondaar, daar is geen ander Redder nie, behalwe Jesus Christus . Here Jesus Christus, ek erken en bely dat U vir my sondes aan die houtkruis gesterf het.

U het U Bloed vir my gestort. U het vir my gesterf. U het uit die dood uit opgestaan en U Leef. Kom en was asseblief al my sondes weg met U Bloed.

Ek roep U nou aan as my Saligmaker en Redder. Wees U nou die Here van my lewe. Vul my nou met U Heilige Gees. Ek het U lief.

Amen.

Nou kan jy vir daardie persoon 'n afskrif van hierdie boek maak dat hy ook mag groei in die Here of bestel gerus hierdie boek direk by ons bediening.

NOG DVD'S & CD'S BESKIKBAAR

KRAG EN HEERLIKHEID – 14 DVD REEKS, 36 PREKE ALTESAAM

Hierdie reeks bestaan uit leringe vanuit God se Woord, getuienisse, musiekvideo's en onderhoude wat gevoer was met ander mense.

Om hierdie reeks te bestel sms die woord: "KRAG" na 083 298 2035.

Reeks kos R250 (posgeld uitgesluit)

ESKATOLOGIE (Eindtyd leringe.) – 8 DVD REEKS, 15 PREKE ALTESAAM

Hier word onderwerpe in detail bespreek soos: Tekens van die Tye, Die Afvalligheid van die Laaste Dae, Die 7 Seëls, Die 7 Basuine, Die 7 Skale, Die Vrou en die Bruid van Christus, Die Wittroon Oordeel en die Regterstoel van Christus, Die Hemel, Die Hel, 2 Bonus preke en 12 Musiekvideos.

Om hierdie reeks te bestel sms die woord: "ES" na 083 298 2035.

Reeks kos R170 (posgeld uitgesluit)

DIE VERHAAL VAN SIMSON - 3 DVD REEKS, 6 PREKE ALTESAAM

Daar is soveel om te leer van die verhaal van Simson. Leer in hierdie DVD: Simson en die leeu, Simson en Israel, Simson en die Rotskloof van Etam, Simson se val, Simson se hare het weer begin groei, Die soom van Jesus se kleed.

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "SIMSON" na 083 298 2035.

Reeks kos R100 (posgeld uitgesluit)

KERSFEES

Die waarheid oor Kersfees soos die wêreld dit ken word in hierdie DVD ontbloot. Vrae wat in hierdie DVD beantwoord word is: Is Jesus werklik die 25ste Desember gebore? Waar kry Yule en Kersfees hul oorsprong vandaan? Waar kry die kersboom sy oorsprong vandaan? Wie is Kersvader nou eintlik? Wie is Kersvader se klein helper en die kabouters.

Om hierdie DVD te bestel, sms die woord: "KERS" na 083 298 2035.

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

VALENTYNSDAG

Die waarheid oor die oorsprong van Valentynsdag word in hierdie DVD ontbloot. Leer in hierdie DVD: Waar Valentynsdag sy oorsprong vandaan kry. Die fees van Iupercalia. Die fees van Juno Februata. Wie St. Valentine was. Waar Cupid sy oorsprong vandaan kry en die gevolg van Valentynsdag viering.

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "VALENTYN" na 083 298 2035.

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

PAASFEES

Leer in hierdie DVD: Wat die Bybel sê oor "easter", waaroor die pasga volgens die Bybel gaan, wanneer was Jesus gekruisig, die oorsprong van "easter" soos ons dit ken, mardi gras, ash Wednesday, lent & easter en betekenis van die paas simbole. *Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "PAAS" na 083 298 2035.*

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

HALLOWEEN

Hierdie fees, net soos al die ander heidense feeste het okkultiese konnektasies. Leer in hierdie DVD: Halloween en sy oorsprong, Halloween rituele wat uitgevoer word elke jaar, betekenis van rituele, geestelike wette, simboliek.

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "HALLOWEEN" na 083 298 2035.

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

VERASSING

Baie kinders van die Here wil graag veras word wanneer hulle sterf. Leer in hierdie DVD: Wat sê die Bybel oor lyksverassing vs om begrawe te word, die positiewe aspek van verassing, hoe word lyke veras, moderne maniere om die as te hou, die effek wat as in die geestelike realim uitvoer en weer manifesteer in die natuurlike realim wanneer as in die huis gehou word.

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "VERAS" na 083 298 2035.

...blaa om...

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

ROOK

Baie kinders van die Here rook en dink daar is niks daarmee verkeerd nie. Leer in hierdie DVD: Die geskiedenis van tabak, die sterftes aan sigarette ter wêreld elke jaar, die wetenskap agter 'n sigaret, die wetenskap van wat 'n sigaret aan jou liggaam doen, interessante feite rondom rook, die gebruik van die hookah of die hubbly bubbly, die gevaar van tweedehandse rook, kan 'n kind van God deel hê aan rook?

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "ROOK" na 083 298 2035.

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

TATTOO

Baie kinders van die Here het geen kennis oor die waarheid rondom tatoeëer merke nie. Leer in hierdie DVD: Die geskiedenis en doel van tatoeëer merke, die geestelike geskiedenis van tatoeëer merke, die sogenaamde "christelike tattoo's, geestelike wette, die Beeld van Christus.

Om hierdie DVD te bestel sms die woord: "TATTOO" na 083 298 2035.

DVD kos R70 (posgeld uitgesluit)

HE CHOSE ME - SANG CD – 11 pragtige ou liedere

He chose me, There is a river, He just put Himself in my place, Sweet Anointing, Amazing Grace, Jesus just the mention of Your Name, Sheltered Safe, Because He lives, I'd rather have Jesus, I will bless Thee/ I lift my hands, Adam & Eve.

Om hierdie CD te bestel sms die woord: "HE CHOSE ME" na 083 298 2035.

Hierdie CD kos R80 (posgeld ingesluit)

TE WEES SOOS JESUS - SANG CD – 13 Ou Pinkster koortjies.

Dit laat my so lekker sing, Daar's verlange in my hart na Jesus, Daar is krag, Ons gaan juig, Dit borrel, Weet jy nie, Al die lof en al die eer, Ek hoor die waterstrome val, Bring dit my nader, Ek weet die Here maak 'n weg, Die Here is my Herder, Hulle noem Hom, Te wees soos Jesus, Juig al wat leef, Doen slegs U wil, Vir Jesus het ek lief, Jesus gee krag, U is Waardig, Dit roer my siel.

Om hierdie CD te bestel sms die woord: "TE WEES" na 083 298 2035.

Hierdie CD kos R100 (posgeld uitgesluit)

BFM EVANGELISASIE PREEK CD REEKS

Hierdie is 24 preke op CD wat u kan luister in u motor of by die huis oor u CD-speler.

Om hierdie reeks te bestel sms die woord: "BFM CD 2" na 083 298 2035.

Hierdie reeks kos R300 (posgeld uitgesluit)

FONDASIE

Hierdie boek is geskryf vir nuwe bekeerlinge of enige iemand anders wat graag meer wil leer vanuit God se Woord. In hierdie boek bespreek ons 40 onderwerpe. Hierdie onderwerpe is diep onderwerpe in God se Woord wat ons in detail behandel. Hierdie onderwerpe wat bespreek word is van kardinaal belangrike onderwerpe wat jou geestelike fondasie solied sal maak. Hierdie boek sal jou lewe verseker transformeer.

Om hierdie boek te bestel sms die woord: "FONDASIE" na 083 298 2035.

Hierdie boek kos R80 (posgeld ingesluit)

TOTALE PAKKET

Om al hierdie bogenoemde DVD's, CD's & boek as een volledige pakket te ontvang teen 'n beter prys, sms die woord: "TP COMBO" na: 083 298 2035.

Hierdie totale pakket kos R1 390 posgeld ingesluit.

POSGELD

Ons pos jou pakkie met geregisteerde pos. Wanneer jy jou bestelling klaar deur gesms het na ons toe, sal jy 'n sms terug ontvang met die bankbesonderhede, asook die totale koste vir u bestelling met posgeld ingesluit. Die bedrag van die posgeld, maak nie saak hoeveel DVD's of CD's u op die einde bestel nie, is gewoonlik nie meer as R30 nie tensy die posgelde opgaan of jou pakkie dalk swaarder as 1kg weeg.

Ons het gereeld nuwe DVD's en ander materiaal wat vrygestel word. Sien gerus ons webwerf vir nuwe DVD's.